



# Graad 6

# AFRIKAANS

## Eerste Addisionele Taal

### Boek 2

### Kwartaal 3 en 4







Hierdie boek behoort aan:

# 65 My provinsie

DATUM

**Ons praat**

Kyk na die prent en gesels daaroor.

- Watter land word op hierdie kaart getoon?
- In watter provinsie woon jy?
- Hoeveel provinsies is daar in Suid-Afrika?
- Vertel vir die klas waarvan jy die meeste hou omtrent jou provinsie.




**Ons lees**

My naam is Eddie. Ek is 11 jaar oud en woon in Gauteng. Gauteng is die kleinste provinsie in Suid-Afrika, maar baie mense woon en werk hier. Mense kom van oral in Suid-Afrika om werk te soek, **veral** in Johannesburg. Johannesburg, wat ons Joburg of Jozi noem, is **enorm**. As my maat, wat in Orange Farm woon, Sandton toe sou wil stap, sou dit omtrent drie dae duur. So groot is Jozi!

Ek woon in Hillbrow. Soos al my maats wat in Hillbrow woon, woon ek saam met my gesin in 'n hoë woonstelgebou.

Ek besoek 'n skool drie blokke van ons woonstel af. Op pad skool toe stap ek verby mevrou Nkosi, wat 'n vrugtestalletjie het en ryp piesangs en heldergroen appels verkoop, en mevrou Naidoo, wat my soms twee heerlike **samoesas** gee, en Andreas, wat dierefigure uit hout sny. Andreas is jonk maar baie slim.

Hy het my eendag gesê dat hy my sal leer hoe om dinge uit hout uit te sny. Ek stap ook by mense verby wat baie tale praat wat ek nie verstaan nie.

Elke nou en dan neem ons onderwyser ons na die kinderteater. Ek geniet dit baie! Verlede week het ons *Die Gestewelde Kat* gesien. Dit was so snaaks! Verbeel jou, 'n kat wat Londen toe gaan om baie geld te verdien!

Ek gaan ook na die kafee om die hoek, waar daar 'n groot televisieskerm is, sodat ek sokker- en rugbywedstryde kan kyk.

Dit is **uiters** warm in Jozi in die somer, en laat smiddae is daar groot donderstorms. Partykeer is ek baie bang vir die weerlig en die harde slae donderweer.

Daar is 'n swembad om die hoek van ons, en ek gaan baiekeer na skool daar swem.

In die winter is dit baie koud in Jozi. Soms moet ek twee truie skool toe dra.

Suid van Johannesburg lê Soweto, wat ook 'n baie groot plek is. Meer as twee miljoen mense woon daar. Noord van ons lê Pretoria, die hoofstad van Suid-Afrika. Daar is ook ander dorpe oos en wes van Jozi. Al hierdie dorpe vorm Gauteng.

Een van die belangrikste plekke in Gauteng is die Wieg van die Mensdom. Onthou jy Mevrou Ples? Sy is daar **ontdek**.

Ek weet Gauteng het nie 'n see nie, maar ek is gek daaroor om hier te woon. Elke dag doen ek iets anders en ontmoet ek iemand interessants!







Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.


| | |
|---|---|
| **veral** | gevind |
| **enorm** | klein pasteitjies, meesal met kerrie |
| **samoesas** | baie |
| **uiters** | baie groot |
| **ontdek** | hoofsaaklik |






Onderstreep al die telbare selfstandige naamwoorde in hierdie sinne.

| | |
|---|---|
| Eddie gaan skool toe. | Mevrou Naidoo gee hom 'n samoesa. |
| Wil jy na 'n toneelopvoering gaan kyk? | Ek swem elke dag by die swembad. |
| Dra jy in die winter 'n trui? | Al die kinders het na 'n rolprent gaan kyk. |



DATUM

# 66 Meer oor Jozi

**Ons skryf** Lees die storie oor Eddie weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.



Wie praat in die gedeelte hierbo?

Dink jy Eddie hou daarvan om in Jozi te woon? Hoe weet jy dit?

Skryf drie dinge neer wat Eddie geniet.


Jy wil meer omtrent Eddie te wete kom en jy vra hom drie vrae. Kyk na sy antwoorde op jou vrae hieronder, en skryf nou die vrae neer wat jy hom gevra het.

Ek woon in 'n woonstelgebou in Hillbrow.


Ek het Die Gestewelde Kat by die teater gaan kyk.

My skool is daar naby.

Wie is Mevrou Ples? As jy nie weet nie, vra 'n maat of jou onderwyser.



**Ons skryf** Vul die regte woorde in. Gebruik die woorde in die raampies om jou te help.





paar | wat | asook | sien | Hillbrow


Eddie woon in ______. Hy gaan na 'n skool 'n ______ blokke van sy woonstel af. Op pad skool toe, ______ hy mevrou Nkosie, ______ vrugte en groente verkoop. Hy gesels met mevrou Naidoo ______ met Andreas.



**Ons lees** Suid-Afrika is 'n pragtige land. Daar is baie provinsies, en dit is die moeite werd om almal te besoek. Daar is baie verskillende mense wat verskillende tale praat en verskillende kulture het. Suid-Afrikaners is baie lief vir sport. Baie Suid-Afrikaners speel of kyk sokker of rugby.



**Ons skryf** Voltooi hierdie geheuekaart oor Suid-Afrika deur die leë spasies in te vul. Gebruik die inligting uit die paragraaf hierbo.



DATUM

# 67 En nog meer oor Gauteng





Ons lees

**JOBURG-WIEGELIEDJIE**

**Gewieg** deur die **gerammel, gebabbel**, getoet
Laat hierdie kindertjies rus in hulle slaap so soet;
laat hierdie stadskinders wat hul ouers so paai,
droom van musiek in die lawaai,
laat hulle die deuntjie hoor wat die stad op sy snare
**pluk** van busse en vragmotors wat luidrugtig bult-op
ruk van brandweerwaens met sirenes wat huil
tien vloere hoog klim die klank soos 'n **suil**.

(Norma Farber – aangepas)

Ons skryf

Onderstreep al die doenwoorde (werkwoorde) in hierdie vrae. Kyk dan weer na die gedig en skryf antwoorde op die vrae neer.

Wat is 'n wiegeliedjie? Dink jy dit moet hard of saggies gesing word?

Wanneer sing 'n mamma vir haar kind 'n wiegeliedjie?

Is die stad raserig? Watter woorde sê dit vir jou?

Dink jy dit is maklik vir stadskinders om aan die slaap te raak? Sê waarom jy so dink.

Die digter wil hê dat kinders moet "droom van musiek in die lawaai". Watter soort musiek hoor die kinders?

## Ons pas


Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **gewieg** | geratel |
| **gerammel** | gryp |
| **gebabbel** | pilaar |
| **pluk** | gesus |
| **suil** | gepraat |

## Ons skryf

Onderstreep al die eiename in die paragraaf hieronder. Skryf die paragraaf dan oor en maak seker dat al die eiename hoofletters kry.

My naam is is nozizwe. Ek woon in soweto. My broer se naam is shadrack en my sussie se naam is nomsa. Elke dag stap ons na die esithebeni-laerskool toe. Op pad daarheen sien ons vir mevrou ngoma, meneer xhosa en simon – 'n jong kunstenaar.





Teacher:
Sign:
Date:

# 'n Resensie van Die Gestewelde Kat



Ons skryf

Lees hierdie resensie van die toneelstuk *Die Gestewelde Kat* deur Maleke Khumalo.

Meer as drie eeue reeds geniet gehore die verhaal van hoe 'n lojale kat 'n paar stewels aangetrek het en vir sy meester 'n groot fortuin gaan soek het.

Die verhoogstuk, wat by die Johannesburgse Kinderteater opgevoer word, is modern, en beide kinders en volwassenes geniet dit. Die vertoning sal ook gedurende die Paasvakansie opgevoer word.

Hierdie toneelstuk is waarlik 'n magiese ervaring. Dit is vol van die pret, musiek en romanse van 'n moderne feëverhaal. Die produksie is kleurvol en pittig, en die hoofrol word deur 'n byderwetse kat met "houding" vertolk.

Die regisseur het seker gemaak dat die produksie propvol styl en verbeeldingskrag is, en die kat is wonderlik wanneer hy die Koning probeer oortuig dat sy meester 'n baie belangrike man is. Die kat is so slim dat hy die prinses oortuig om met sy meester te trou.

Die kostuums is flambojant, en sowel kinders as volwassenes sal die kostelike dialoog geniet.



Ons skryf

Lees die resensie weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Wat is die titel van die toneelstuk?

Wie het die resensie geskryf?

Waaroor handel die toneelstuk?

Waarom hou Maleke van die verhoogstuk?

Dink sy ander kinders sal dit geniet? Sê waarom.





Skryf 'n resensie oor 'n toneelstuk of rolprent wat jy gesien het. Skryf omtrent 4 sinne onder elke opskrif.

NUWE WOORDE

Die storie het gehandel oor

Ek het van hierdie toneelstuk/rolprent gehou/nie gehou nie, omdat

Jy behoort hierdie toneelstuk/rolprent te sien/nie te sien nie, omdat






Al die letters in hierdie woorde is geskommel. Maak hulle reg.

| | |
|---|---|
| **osrtknet** | |
| **drveinni** | |
| **enkiekip** | |
| **knsvaiae** | |
| **ifmaeli** | |

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

# 69 Ons gaan bergklim

## Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.

- Hierdie foto is in Mpumalanga geneem. Was jy al in Mpumalanga?
- Indien jy al daar was, vertel die klas van jou besoek.
- Indien jy nog nie daar was nie, vertel die klas of jy die provinsie graag sou wil besoek, en waarom.



## Ons lees



Ek het hom weer gesien. 'n Klein, bruin vormpie wat rats tussen die bosse voor my verdwyn. Ek het hom die afgelope uur **verskeie** kere gesien, of was dit 'n ander een hierdie? Dit is 'n lelike **kreatuur** met kraalogies. Ek het eers gedink hy is oulik, maar nadat ek 'n tyd lank na hom gestaar het, het ek begin dink dat hy nogal wreed lyk. "Dis 'n meerkat," sê 'n stem vir my, "en hy sal jou nie byt as jy hom nie skrikmaak nie." Ek is in die middel van 'n staptog van 9 kilometer na die piek van 'n groot berg in Mpumalanga. Na twee uur is ek baie moeg, en hierdie mollige klein wesentjie beloer my met 'n vreemde kyk. Ek het hom dopgehou terwyl hy vinnig teen die helling na 'n **massiewe** stapel klippe **opgeskarrel** het. Ek **sak inmekaar** en kyk na die rant bo my, wat ons finale **bestemming** is.

Terwyl ons klim, verander die omgewing vinnig. Dit voel asof ons van een wêreld in 'n ander een inloop. Ons het ons reis in die middel van 'n woud naby 'n helder meer aangepak. Daar was ons van die geur van dennebome en klam aarde **omring**. Nou is al wat ons sien, klein, bruin diertjies en **stekelrige** struike.

Ons is baie hoog teen die berg op. Die lug is yl, en my longe voel asof hulle wil bars.

NUWE WOORDE

## Ons skryf

Lees die storie weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Wat doen die skrywer?

Watter diertjie sien hy?

Skryf die woorde neer wat vir jou sê dat hy baie moeg is.


Toe die skrywer teen die berg begin uitklim het, was daar dennebome en 'n pragtige meer. Hoe het die omgewing verander?

Was dit vir die skrywer maklik om hoog teen die berg asem te haal? Watter woorde sê dit vir jou?

## Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **verskeie** | vinnig opgehardloop |
| **kreatuur** | baie groot |
| **massiewe** | wese; skepsel |
| **opgeskarrel** | die plek waarheen ons op pad is |
| **bestemming** | skerp; krapperige |
| **stekelrige** | 'n hele paar |



DATUM

# 70 Meer oor berge

Ons skryf

Kies een van hierdie persoonlike voornaamwoorde om die sinne te voltooi. **Sleutelwoorde: my, jou, julle, hulle, hy**



Die skrywer was baie moeg. ______ moes eers 'n tydjie rus.

Waarom swem die mense in 'n meer? Weet ______ nie dit kan gevaarlik wees nie?

Hoeveel mense gaan saam bergklim? Gaan ______ 'n groot groep wees?

Ek het 'n rugsak waarin ek al ______ benodigdhede gepak het.

Jy is so gelukkig dat jy naby aan die berge woon. Ek beny ______.

Ons skryf

Kyk na hierdie sinne wat op die gedeelte oor bergklim in Mpumalanga gebaseer is. Die werkwoorde is in die verlede tyd. Skryf die sinne in die teenwoordige tyd oor.

| TOE | NOU |
|---|---|
| Ek het hom weer gesien. | |
| 'n Klein, bruin vormpie het vinnig voor my uitgehardloop. | |
| Hy het nogal wreed gelyk. | |
| Ek het gekyk hoe die meerkat teen die helling opskarrel. | |
| Nou het ons net klein, bruin diertjies en stekelrige struike gesien. | |
| Die lug was yl, en dit het my longe laat voel asof hulle wil bars. | |

## Ons skryf

Gebruik hierdie woorde om die vrae te voltooi. Moenie vergeet om die sinne met hoofletters te begin nie.

waar — wie — wanneer — hoe — watter

______ het die bergklimmers begin klim?

______ het hulle die meerkat gesien?

______ ver het hulle geklim toe hulle die wollerige wesentjie gesien het?

______ het die meerkat die eerste gewaar?

In ______ provinsie is die berge?



## Ons skryf

Kyk na hierdie sinne, wat deurmekaargeskommel is. Skryf hulle in die regte volgorde.

Ons was hoog op in die berg.
Terwyl ons geklim het, het die omgewing baie vinnig verander.
Ons was halfpad teen die berg op.
Ek was baie moeg en het op die grond inmekaargesak.
Ons het tussen dennebome begin stap.


______

______

______

______

______



# 71 Ons adverteer 'n staptog in die berg

DATUM

Ons lees



**Sluit aan by die voetslaanklub "Fiksheid is Pret".**
**Ons beloof jou onvergeetlike staptogte deur die berge van Mpumalanga –**
**die volmaakte berge vir stapavonture.**
**Stap deur dennewoude, swem in sprankelende mere, ontdek hoë watervalle. Dit sal 'n ervaring wees wat jou altyd sal bybly!**
**In hierdie magiese provinsie sal jy onvergeetlike dinge beleef!**
**Geniet bergklim saam met jou familie en vriende. Dit is die ervaring van 'n leeftyd!**

**Die klub kom elke Sondag in Paradysland byeen.**
**Bring 'n waterbottel en iets om te eet.**
**Bel Mendi by**
**015 234 6987 vir nadere besonderhede.**

Ons skryf

Lees die advertensie weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Watter klub adverteer 'n staptog deur die berge?

Indien jy nadere besonderhede oor die klub wil hê, wie behoort jy te bel?

Jy word gevra om water en iets om te eet met jou saam te bring. Waarom is dit belangrik?

Waarom dink jy word Mpumalanga "Paradysland" genoem?

Skryf drie woorde uit die advertensie neer wat 'n mens aanmoedig om te gaan bergklim.

NUWE WOORDE

**Ons skryf** Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.

ritsel
blaas en snuif
sing
skree
kabbel

Die dennebome ______ in die windjie.

Die stroom ______ by die bome verby.

Ek ______ teen die berg op.

Moet asseblief nie ______ terwyl julle bergklim nie.

Moenie vir die meerkat ______ nie. Julle sal hom skrikmaak!



**Ons skryf**

Jy wil graag gaan bergklim. Jy het egter meer inligting oor die staptog nodig. Bel Mendi en vra vir hom twee vrae oor die staptog. Skryf die vrae hieronder neer. Onthou om jou vrae met hoofletters te begin en met vraagtekens af te sluit.

______

______

______

______

______

______

______

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

# 72 Ons skryf oor die berge



**Ons skryf**

Plaas hierdie woorde in die regte volgorde om sinne te vorm. Moenie vergeet om elke sin met 'n hoofletter te begin en met 'n punt, 'n vraagteken of 'n uitroepteken af te sluit nie.

berge in baie Mpumalanga mooi die is

soort het die stappers dier gesien watter

Suid-Afrika berge baie daar is in

wonderlike wat berg 'n dit is

berg gerus ons halfpad het die op teen op

**Ons skryf**

Jy word gevra om iets te bring om te eet wanneer jy gaan bergklim. Jy besluit om 'n kaas-en-tamatie-toebroodjie te maak. Jou suster het reeds twee snye brood en 'n paar snye tamatie gesny. Sê vir ons hoe om die toebroodjie te maak. Jy kan party van die woorde in die raampies gebruik.





Eers

Dan

Daarna

Laastens


snye tamatie

margarien

smeer

snye brood







kaas

sout en peper


toebroodjie

half

sny

**Ons skryf**

Verbeel jou dat jy by die voetslaanklub aangesluit het en gaan bergklim het. Skryf in jou dagboek 'n paragraaf oor die staptog. Gebruik die gedeeltes wat jy gelees het en maak jou eie inligting op.



**Vir die pret**

Teken in die spasie 'n prent wat by jou dagboekstukkie pas.



Teacher:

Sign:

Date:

# 73 'n Seevakansie

DATUM

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor.



Was jy al ooit by die see?

- Indien nie, sou jy graag see toe wil gaan? Sê waarom.
- Wat doen hierdie kinders?
- Dink jy die sandkasteel sal hou? Sê waarom.



**Ons lees**

Liewe Karien

Ons het uiteindelik na 'n baie lang reis in Durban aangekom. Ons motor het onklaar geraak, en ons moes elke uur vir my boetie stilhou omdat hy "krampe in sy bene" kry. Ek is nie seker ek glo hom nie! Ek dink hy wou net rondhardloop.


Elke oggend in Durban staan ek 07:30 op om op die strand te gaan stap. Ek stap 'n uur lank en gaan dan terug na die woonstel toe om ontbyt te gaan eet. Om 09:30 gaan ek terug strand toe. Ek maak seker dat ek myself teen die son beskerm deur 'n hoed te dra. Ek swem, speel met 'n strandbal, en versamel skulpe. Teen 12:30 is ek baie honger, en dan gaan ek 'n heerlike kaas-en-tamatie-pizza eet. Smiddae na tee gaan ek weer ver stap. Terloops, verlede naweek het ek tweede gekom in 'n sandkasteel-kompetisie!

My ouers het ons na uShaka se Kids Corner geneem. Dit het die grootste klimraam in Suid-Afrika, en is vol glyplanke wat herwaarts en derwaarts draai, doolhowe, tonnels, trappe, skakelbrûe en swaaie.

Daar is net 10 dae oor voordat ons moet teruggaan skool toe. Ek sien jou dan!

Liefde
Nkeke

**Ons skryf** Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.





Waarheen het Nkeke tydens haar vakansie gegaan?

Nkeke het per motor vakansie gaan hou. Dink jy dat sy die reis geniet het?

Skryf drie dinge neer wat sy op die strand gedoen het.

Verduidelik in jou eie woorde hoe die klimraam by uShaka se Kid's Corner lyk.

Was jy al ooit by die see? Indien wel, skryf twee sinne waarin jy sê waarvan jy die meeste gehou het. As jy nog nooit by die see was nie, dink aan wat jy graag daar sou wil doen, en skryf twee sinne daaroor.



**Ons skryf** Plaas hierdie woorde in alfabetiese volgorde. Nommer die woorde in elke kolom van 1 tot 3.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | stry | | sand | | krat |
| | strand | | sonder | | kraai |
| | sprong | | skandaal | | kry |

Teacher:

Sign:

Date:

DATUM

# 74 'n Dag by die see

**Ons skryf** Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.

verras
verskillend
bly
interessant
uitputtend

Ek is baie ______ dat ek by die see kan wees.

Die besoek aan die hawe was regtig ______ .

Ek was ______ toe my boetie ingewillig het om saam met my na uShaka te gaan.

Ek hou baie daarvan om op die strand te speel, maar bergklim is vir my baie ______ .

Alhoewel ons broer en suster is, is ons baie ______ .




**Ons skryf** Dit is wat Nkeke elke oggend gedoen het terwyl sy met vakansie was. Sy het die aktiwiteite in die verkeerde volgorde geplaas. Help haar om dit uit te sorteer.

| Tyd | Aktiwiteit | Tyd |
|---|---|---|
| 07:30 | middagete | |
| 08:30 | strand toe | |
| 09:30 | gaan stap | |
| 12:30 | staan op | |
| 16:00 | eet ontbyt | |






Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.




op

op in oor om

Ek staan om 07:30 ________ en gaan stap.

________ 08:30 eet ek muesli en vrugte vir ontbyt.

Ek speel elke dag ________ die strand.

Ek het ________ die see ingehardloop.

Ek loop ________ die pad na die strand toe.






Omkring die persoonlike voornaamwoorde.

Hulle het vir my gesê dat jy vir haar gaan kuier het.
Sy het my aan hom genoem.
Sy het my haar binneband geleen.
Ek het gesê dat ek nie kan swem nie.

'n Persoonlike voornaamwoord neem die plek van 'n selfstandige naamwoord in.

Voltooi elke antwoord met behulp van die beste persoonlike voornaamwoord uit die raam.

Wil jy ________ vertel wat gebeur het?

Dis nie ________ boek hierdie nie, dit is ________.

Ons juffrou is baie gaaf. ________ is altyd bereid om ________ te help.

Nkeke speel op die strand totdat sy ________ middagete gaan eet.

myne
ons
haar
my
sy
jou



DATUM

# 75 Heelwat oor honde


## Ons lees



Ek's 'n vrolike hond by die see
En as ek net kon skree
Sou ek almal vra baie mooi
Om net vir my die bal te gooi
Ek's 'n vrolike hond by die see

Ek's 'n vrolike hond by die see
Daar's g'n toertjies wat jy my kan gee
Ek spring op en af en ek is bly
En my stert waai as ek happies kry
Ek's 'n vrolike hond by die see

Ek's 'n vrolike hond by die see
Wanneer ek hoor hoe die seemeeue
skree
Jaag ek en ek blaf
En word ek baie laf
Ek's 'n vrolike hond by die see.









## Ons skryf

Lees die gedig weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Hou die hond van die strand? Sê waarom jy so dink.

______________________________

Hy geniet dit om seemeeue te jaag. Dink jy hy kan hulle vang? Sê waarom.


______________________________



Waarom geniet die hond dit so by die see?

Wat is die een ding wat hy mense sou vra om te doen as hy net kon praat?

Wat sou 'n goeie titel vir die gedig wees?




bly
klaarmaak
trots
eet
baie goeie




Kyk na die vetgedrukte woorde in die sinne. Kies die woord (of woorde) in die raam wat 'n soortgelyke betekenis het. Skryf die regte woord (of woorde) in die spasie wat voorsien word.


Ek is 'n **uitstekende** swemmer. ______.

My hond waai sy stert wanneer hy baie **gelukkig** is. ______.

Dit is belangrik om elke dag gesonde kos te **geniet**. ______.

My hond gaan binnekort 'n opleidingskursus **voltooi**. ______.

Ek het baie **goed** gevoel toe ek 'n hele halfuur kon hardloop. ______






Vul die ontbrekende woorde in.
Gebruik die woorde in die raampies.

baie | haar | in | met | ander | sy

Bella was my pragtige bruin Labrador. Sy was grasieus en heeltemal vreesloos. Wanneer ______ die kans gekry het, het sy die meeste van haar tyd ______ die tuin deurgebring, waar sy vlinders gejaag het en in die gras rondgerol het. Sy was ______ kieskeurig oor mense en oor die kos wat sy eet. Ek het opgelet dat sy maats maak met kalm mense en ______ hondeliefhebbers. Wanneer sy aangevoel het dat mense nie vriendelik is nie, het sy op en af geloop, gegrom en geblaf. Sy het daarvan gehou as ek ______ kos met eier meng, wat nie juis die regte kos vir 'n hond is nie. Anders as ______ honde het Bella dit geniet om gebad te word. Sy het daarvan gehou wanneer ek haar droogmaak en vlooipoeier in haar pels invryf.



DATUM

# 76 'n Poskaart aan 'n maat

**Ons skryf**

Nkeke is per motor Durban toe. Sy sou ook op baie ander maniere kon gegaan het. Vul die tabel in. Skryf een positiewe (goeie) ding en een negatiewe (slegte) ding oor elke reismetode.



| Reismetodes | 'n Positiewe ding | 'n Negatiewe ding |
|---|---|---|
| per taxi | | |
| per trein | | |
| per vliegtuig | | |
| per bus | | |
| per boot | | |

**Ons skryf**

Karien het 'n poskaart aan haar maat Nkeke geskryf, maar sy het foute gemaak. Help haar om hulle reg te maak. Onderstreep die foute en skryf dan bokant elke verkeerde woord die regte woord.

Liewe Nkeke

Ek mis jou vreuslik.


Ek is ook baie jaloors dat jy by die see is terwyl ek by die hys is.

Ek het 'n voedseltyn begin, en het heurlike groente geplant – ertjies, beet, spinasie en boone.

Ek het ook luuflike blomme geplant.

Wanneer jy trugkom, sal ek vir jou daarvan gee.


Liefde, Karien



## Ons skryf

Skryf 'n poskaart aan 'n maat waarin jy hom haar vertel van iets wat jy gedurende skoolvakansie gedoen het wat opwindend was.

Skryf 6 sinne. Maak seker dat jy jou maat se adres op die poskaart skryf..



## Vir die pret

Soek die name van Suid-Afrikaanse dorpe in die blokkiesraaisel. Soek dwars en afwaarts.





| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | M | A | L | E | L | A | N | E | K |
| H | U | C | J | K | U | L | E | M | A |
| Q | O | R | P | A | Q | S | L | S | A |
| W | U | A | B | K | N | Y | S | Z | P |
| A | H | D | R | A | A | C | P | Z | S |
| Q | G | O | I | M | B | K | R | M | T |
| W | P | C | T | A | T | G | U | I | A |
| A | R | K | S | S | U | V | I | W | D |
| Y | Z | A | B | C | D | E | T | E | G |
| H | I | S | O | W | E | T | O | I | A |



Antwoorde: Malelane, Kaapstad, Qwaqwa, Nelspruit, Durban, Soweto, Cradock, Brits

DATUM

# 77 Ons neem deel aan 'n sensus



## Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.



- Waar woon hierdie gesin?
- Dink jy hulle woon in 'n stad of 'n dorp, of op die platteland?
- Gaan hul kinders skool toe?

## Ons lees

Wanneer jou mamma kaas-en-tamatie-toebroodjies vir jou maats maak, moet sy weet hoeveel van jou maats toebroodjies wil hê. Dan sal sy weet hoeveel snye brood om te sny, hoeveel botter om te gebruik, hoeveel tamaties om te pluk, en hoeveel kaas om te koop. Net so word al die mense in die land tydens die **sensus** getel sodat die regering kan uitwerk hoeveel programme en **dienste** nodig is, en waar dit nodig is. Die regering gebruik die sensusgetalle om te besluit hoe hulle geld aan hospitale, skole, paaie, elektrisiteit, speelgronde en baie ander dinge moet bestee. En dit help winkeleienaars om te besluit waar om nuwe winkels te bou.

Die mense wat die regering help om almal in die land te tel, word **sensusopnemers** genoem. Hulle help jou om 'n spesiale vorm in te vul. Almal word getel. Dit maak nie saak hoe oud hulle is, waar hulle woon, watter taal hulle praat en of hulle **burgers** is of nie. Die inligting wat in die sensus verkry word, kan die regering help om die plek waar jy woon, 'n beter plek te maak.

Dit is **belangrik** om in 'n sensus getel te word. As jy nie getel word nie, sal die plek waar jy woon dalk nie geld van die regering kry om die dinge te bou wat jou gemeenskap nodig het nie.



## Ons skryf

Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Wat is 'n sensus?

Waarom hou 'n land 'n sensus?

Wie word in 'n sensus getel?

Hoe kan 'n gemeenskap baat nadat 'n sensus gehou is?

Skryf drie dinge neer wat jy dink jou gemeenskap nodig het.



## Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **sensus** | dinge wat vir jou gedoen word |
| **sensusopnemers** | mense wat die identiteitsdokumente van 'n land het |
| **dienste** | van groot betekenis |
| **burgers** | 'n telling om inligting te verkry |
| **belangrik** | mense wat almal in 'n sensus tel |



DATUM

# 78 Ons dink oor die sensus

**Ons skryf** Kies die regte woord in elke sin en onderstreep dit.


Dit is belangrikste/belangrik/belangrikheid om 'n sensus te hou.

Ons moet seker maak dat julle die belangrikste/belangrik/belangrikheid van die sensus verstaan.

Dit sal geïnteresseerd/interessantheid/interessant wees om te sien wat die regering na die sensus vir gemeenskappe doen.

My ma sê sy is interessantheid/geïnteresseerd/interessant in die sensus, omdat dit soos 'n groot telling is.

Watter van die dienste wat die regering bied, is vir jou die bel
Skryf drie sinne oor waarom jy dink dit die belangrikste



**Ons skryf** Hierdie sinne is in die teenwoordige tyd geskryf. Skryf hulle in die verlede tyd oor.

Die sensus begin in Oktober.

Sensusopnemers help 'n mens om 'n vorm in te vul.

Die regering gebruik die inligting om gemeenskappe te help.

Almal word tydens die sensus getel.

Wat doen die regering met die inligting van die sensus?



NUWE WOORDE

**Ons skryf** Sê of hierdie stellings feite of menings bevat.

Voorbeeld: Suid-Afrika het in Oktober 2011 'n sensus gehou. feit

'n Sensus is nie belangrik nie. mening


Ouer mense geniet dit om in 'n sensus getel te word. ______

Straatkinders behoort nie getel te word nie, want hulle het nie huise om in te woon nie. ______

Die regering gebruik die inligting van 'n sensus om gemeenskappe te help. ______

Sensusopnemers help 'n mens om sensusvorms in te vul. ______

Dit is opwindend om inligting uit die sensus te verkry. ______




**Ons skryf**

Vul **'n** of **die** in.

Dit is ______ boek waarvan ek die meeste hou.

Ek wil ______ boek by die biblioteek gaan uitneem.

In watter maand hou Suid-Afrika ______ sensus?

Het jy ______ regte vorm ingevul?

Wie word in ______ sensus getel?

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM


# 79 Tel jy ook?

## Ons praat

Kyk na hierdie diagram wat vir jou wys wat sensusopnemers in die 2011-sensus gedra het en by hulle gehad het. Praat met jou maat daaroor.



**GEEL WEERKAATSENDE BEFFIE**
Sensusbeamptes het weerkaatsende beffies asook amptelike Sensus 2011-T-hemde gedra.



**SWART STATS SA-PETTE**
Elke veldwerker het 'n swart pet met Stats SA se logo daarop gedra.





**'N GEEL SAK**
Sensusbeamptes het amptelike geel Sensus 2011-sakke by hulle gehad.



**'N AMPTELIKE VRAELYS**
Elke vraelys het 'n unieke nommer gehad en moes deur elke huishouding ingevul word, met behulp van die beampte.



**SENSUS 2011-ID-KAART**
Elke veldwerker het 'n ID-kaart by hom of haar gehad.

**HOE DIT GEWERK HET**

- 'n Veldwerker wat 'n Sensus 2011-uitrusting aangehad het, het aan mense se deure geklop met 'n vraelys wat 75 vrae bevat het.
- Indien iemand versoek het dat die sensusopnemer homself of haarself moet identifiseer, het hy of sy 'n Sensus 2011-ID-kaart getoon. Indien die persoon nog nie oortuig was nie, kon hy of sy **0800 110 248** bel.
- Die persoon het die veldwerker dan in sy of haar huis ingenooi, of het 'n ander geskikte plek gekies om die vraelys in te vul.

## Ons skryf

Skryf antwoorde op hierdie vrae.

Waarom dink jy moes jy trots daarop wees om getel te word?

______________________________

Daar was 5 dinge wat 'n regte sensusopnemer moes hê. Skryf hulle neer.

1 __________ 2 __________ 3 __________

4 __________ 5 __________

Die kleur van die beffie was __________.

Die kleur van die pet was __________.

Wat kon mense sensusopnemers vra om te toon voordat hulle hulle in hul huise ingenooi het?

______________________________

Watter nommer kon hulle bel as hulle nie seker was of die persoon regtig 'n sensusopnemer was nie?

______________________________

**Ons skryf**

Elke sin hieronder bevat 'n vetgedrukte woord. Kies 'n woord uit die raampie hieronder wat by elke vetgedrukte woord pas. Skryf jou antwoord na elke sin neer.

Ons was **trots** daarop om in die sensus getel te word.

'n Sensusopnemer was iemand wat inligting **ingesamel** het.

'n ID-kaart het bewys dat dit 'n **amptelike** sensusopnemer is

Elke vraelys het 'n **unieke** nommer gehad.

Die beamptes het geel **weerkaatsende** beffies gedra.

Die beamptes moes bewys dat hulle **legitieme** sensusopnemers is.

versamel
goedgekeurde
gloeiende
ware
eenmalige
in ons skik



**Ons skryf**

Vul die ontbrekende woorde in. Jy mag dieselfde woord meer as een keer gebruik.

haar | sy | hulle | sy

Bongile, 'n jong meisie van Khayelitsha, is as sensusopnemer vir die sensus opgelei. ______ het 'n opleidingskursus bygewoon waar 'n beampte haar gewys het hoe om die vorm behoorlik in te vul. Sy en ______ vriendin was baie opgewonde. ______ is gevra om die mense in Khayelitsha te tel. ______ was bly omdat hulle daardeur geld kon verdien en ______ gemeenskap kon help. ______ weet dat hulle 'n nuwe kliniek nodig het, en hulle hoop dat die sensus dit sal wys.



DATUM

# 80 Ons hou ons eie sensus




**Ons praat**

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.

**Ons skryf** Kyk weer na die diagram en beskrywing van sensusopnemers in werkkaart 79.

Hoe verskil die klere wat die sensusopnemer in die diagram aanhet van die klere wat die sensusopnemers in die prent aanhet?


Voltooi hierdie sinne.

In die diagram is die pet swart **maar** __________

In die diagram is die beffie geel **maar** __________

As jy alleen tuis is en jy het die diagram en die prent gesien, wat sou jy doen om seker te maak dat die persoon regtig 'n sensusopnemer is? Skryf 'n sin daaroor.

__________



## Ons skryf

Vul hierdie vorm in en gee dit vir jou onderwyser. Elke dag sal jou onderwyser die inligting uit een van julle vorms lees, en dan moet julle raai wie die persoon is. En jou onderwyser sal nie jou naam uitlees nie, al het jy dit op die vorm ingevul.


| | |
|---|---|
| Leerder se naam | |
| Geboortedatum | |
| Hoeveel mense is daar in jou gesin? | |
| Wat is hul name? | |
| Watter troeteldiere het julle tuis? | |
| Wat is jou gunstelingaktiwiteite? | |
| Van watter sportsoort hou jy die meeste? | |
| Wat is jou gunstelingkos? | |
| Wat is jou gunstelingboek? | |
| Wat is jou gunsteling-TV-program? | |
| Wie is jou beste maats? | |
| As jy R100 gehad het, wat sou jy daarmee doen? | |

## Ons skryf

Verbeel jou dat jou klas pas 'n sensus gehou het om te sien wat julle skool nodig het.

Skryf 'n paragraaf waarin jy vir jou onderwyser sê wat jy dink julle skool nodig het en waarom jy so dink.





# Bedreigde diere

# 6








# 81 Renosters in gevaar

DATUM

**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



- Het jy al ooit 'n regte renoster gesien?
- Die renoster regs is 'n witrenoster en die renoster links is 'n swartrenoster. Verskil die kleure van die renosters in die prentjie?
- Kan jy uit die prentjie aflei wat die verskil tussen die twee renosters is? Sê vir jou maat.

Ons lees

# Die Afrikarenoster

Die renosters van Afrika woon in die grasvelde van Afrika. Tweehonderd jaar gelede wat daar meer as 2 miljoen renosters. Nou is daar minder as 19 000 oor. Die renoster loop gevaar om vir ewig te **verdwyn**.

Daar is twee soorte renosters in Afrika – die witrenoster en die swartrenoster. Maar vreemd genoeg is hulle albei grys. Weet jy hoe die witrenoster sy naam gekry het? Wel, die witrenoster het 'n wyer bek as die swartrenoster, maar mense het gedink dat die plaaslike mense hom as "wit" beskryf – en dit is hoe hy sy naam gekry het.

Swartrenosters is baie **skaars**. Die meeste van hulle woon in **reservate**, waar hulle bewaar word. Indien hulle nie bewaar word nie, sal hulle verdwyn.

*Vreetgewoontes*

Beide renostersoorte vreet blare en plante. Maar omdat hulle verskillende soorte bekke het, vreet hulle verskillende soorte plante. Witrenosters vreet gras en plante op die grond. Hulle word grasvreters of weidiere genoem. Swartrenosters vreet blare aan bosse en bome. Hulle word blaarvreters genoem.

*Hoe hulle lewe*


Renosters leef gewoonlik alleen. Renosterbulle het hul eie **gebied**. Hulle merk hierdie areas met hulle mis. Geen ander bulle word in hul gebied toegelaat nie, en as een probeer inkom, baklei die inwonende renoster met hom. Indien jy wel renosters bymekaar sien, is dit waarskynlik 'n ma-renoster en haar babas.

Renosters **storm** nie gewoonlik mense nie, maar as hulle skrik, kan hulle baie vinnig hardloop – 50 km per uur. Dit is vinniger as wat 'n stadige motor op ons paaie ry!

*Die renoster se probleem*

Die renoster se probleem is sy horing. Hy gebruik sy horing om mee te baklei. Maar daar is mense wat glo dat die horing towerkrag het, en daarom maak hulle renosters dood om hul horings te kry. In Suid-Afrika is die renoster as gevolg hiervan besig om uit te sterf.






Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde links in jou woordeboek.

| |
|---|
| **uitsterf** |
| **skaars** |
| **reservate** |
| **gebied** |
| **storm** |

| |
|---|
| seldsaam |
| bewaringsareas |
| aanval; hardloop na |
| verdwyn |
| area |



# 82 Meer oor die renoster

DATUM



**Ons skryf** Lees die stukkie oor die renoster weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer. Skryf volsinne.


Waaroor handel die gedeelte?


Watter twee soorte renosters is daar in Afrika?

Hoe het die witrenoster sy naam gekry?

Wat vreet renosters?

Waarom loop renosters gevaar om te verdwyn?





**Ons skryf** Voltooi die volgende vrae deur **waar**, **wie** of **wat** in te vul.

______ kom die meeste renosters voor?

______ maak renosters dood om hul horings te kry?

______ is die renoster se probleem?

______ word die meeste swartrenosters aangehou?


______ het na die witrenoster se wye bek verwys?

______ doen 'n renosterbul wanneer 'n ander bul sy gebied binnekom?

**NUWE WOORDE**

**Ons skryf** Kyk na die grafiek en skryf drie sinne daaroor. Gebruik die woorde in die raampies om jou te help.

Julie 2010 | Julie 2011 | 125 | doodgemaak | 200 | 'n toename




Besitlike voornaamwoorde word gebruik om aan te dui dat iemand of iets aan iemand of iets anders behoort.



**Ons skryf** Gebruik 'n besitlike voornaamwoord uit die raampies hieronder om elk van hierdie sinne te voltooi.

| | | |
|---|---|---|
| Voorbeeld: | Die seun het 'n speelgoedrenoster gekoop. | Die speelgoedrenoster is syne. |

myne | joune | syne | hare | hulle s'n | ons s'n


Die ma-renoster het twee babarenosters. Die babas is ______.

Ek het 'n swart speelgoedrenoster. Dit is ______; Jy het 'n wit een. Dit is ______.

Die plaas waar die renosters woon, behoort aan Moses en Zama.

Die plaas is ______.

Die babarenosters behoort aan ons. Hulle is ______.



DATUM

# 83 Die renosterrympie



Ons praat

Jy het nou heelwat oor die renoster geleer. Vertel jou maat 5 dinge oor die renoster in jou eie woorde.



Ons lees

Ek het ons renoster buite gelaat;
hy was neelnag in die reën.
Toe het hy helaas sopnat geword,
deur die vel en tot op die been.

Hy is my verantwoordelikheid.
Ma en Pa het gesê: "Moenie vergeet ..."
Maar ek het hom verwaarloos,
en nou gaan my ouers dit ook weet.

Nou's moeder en vader erg ontsteld
want ek het gedoen wat ek nie moes.
Ek het die renoster in die reën gelaat,
en nou's hy gerenosterroes.
(Kenn Nesbitt - aangepas)



Ons skryf


Lees die gedig weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Wat sou 'n goeie titel vir hierdie gedig wees?

Wat het met die renoster gebeur?

Dink jy 'n regte renoster sou omgee om in die reën gelaat te word? Sê waarom.

Hou jy van die gedig? Sê waarom.




NUWE WOORDE

**Ons lees** Lees die eerste versie hardop en volg die ritme deur jou hande te klap.





**Ons skryf** Hierdie woorde klink dieselfde maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse. Ons noem hulle homofone. Gebruik elke woord in 'n sin sodat sy betekenis duidelik word.

| | |
|---|---|
| vier | |
| fier | |
| bont | |
| bond | |
| lid | |
| lit | |
| nood | |
| noot | |
| wei | |
| wy | |







# 84 Ons skryf oor die renoster

DATUM

Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart om tien sinne oor die renoster te skryf. Skryf twee sinne onder elke opskrif.


Die renosters van Afrika

Waar hulle woon

Wat hulle vreet

Waarom hulle bedreig word

Wat ons kan doen om die renoster te beskerm



**Ons skryf**

Verbeel jou dat jy en jou maat gesels oor dinge wat julle kan doen om die renoster te red. Vul die leë ruimtes in.




**Vir die pret**

Daar is 8 woorde tussen die letters weggesteek. Party van die woorde loop dwars, ander loop afwaarts. Net "renoster" is skuins geskryf. Kan jy die woorde opspoor?

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| r | d | o | e | n | s | o | e | n |
| g | e | s | t | o | o | h | d | b |
| r | h | n | r | o | e | t | p | s |
| o | a | i | o | e | t | m | r | w |
| e | e | x | n | s | v | e | o | o |
| n | e | a | z | o | t | d | e | e |
| s | w | z | t | e | r | e | s | g |
| b | l | o | e | d | t | o | r | e |

**Dwars:** doen; soen; roet; bloed Af: groen; soet; swoeg; proes

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

# 85 'n Leeu leer 'n les

**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.

**Ons lees**



Lank gelede was daar 'n leeu wat nie kon brul nie. Hy was maar altyd so; hy kon van kleins af nooit brul nie. Die ander diere het dit nie geweet nie. Hy het geleer om saggies met almal te praat en om ordentlik na hulle te luister. Hy geleer om ander van sy oogpunt te **oortuig** sonder om sy stem te verhef. So het hy die **vertroue** van al die ander diere gewen.

Maar eendag het die leeu gepraat met 'n vark wat so dom en **hardkoppig** was dat die leeu hom nie kon laat verstaan nie. Hy het 'n sterk drang ervaar om vir die vark te brul, en die feit dat hy dit nie kon doen nie, het hom swak laat voel. Toe werk hy 'n paar maande lank aan 'n brulmasjien wat hy spesiaal ontwerp het, en wat hy sou kan gebruik wanneer dit nodig sou wees. 'n Kort rukkie hierna het die dom, hardkoppige vark weer by hom 'n draai gemaak. Die leeu het hom so vir die vark vervies dat hy sy masjien gebruik het. Die masjien het 'n **vreesaanjaende** brul geuiter.

"GRRRRRRRRBRUUUUUUUUUUUUULLLLLLLL!!!"

Nie alleenlik het dit die vark baie groot laat skrik nie, maar dit het al die ander diere geskok. Hulle het so groot geskrik dat hulle maande lank te bang was om hul huise te verlaat. Die leeu het eensaam en hartseer geword. Hy het besef dat dit nie vir hom nodig was om te brul om ander te oorreed om na hom te luister nie. Sonder dat hy dit besef het, het sy **gebrek** aan 'n brul hom geleer hoe om behoorlik te luister en mooi met ander te praat om hulle te oortuig.



En daarom het hy **langsamerhand**, deur net 'n vriendelike, aangename stemtoon te gebruik, die ander diere se vertroue herwin. En hy het dit nooit weer **oorweeg** om sy brulmasjien te gebruik nie.



## Ons pas


Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **oortuig** | eiewillig |
| **vertroue** | skrikwekkende |
| **hardkoppig** | daaraan gedink |
| **vreesaanjaende** | baie stadig |
| **gebrek** | geloof in |
| **langsamerhand** | tekort |
| **oorweeg** | oorreed; beïnvloed |



## Ons skryf

Lees die storie weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.



Wat het die leeu in die storie anders as ander leeus gem


Hoe het die leeu met die ander diere gepraat?

Waarom het die leeu 'n brulmasjien gemaak?

Wat het die ander diere gedoen nadat die leeu die masjien gebruik het?

Watter les het die leeu geleer?

Watter les kan ons uit die storie leer?



# 86 Lesse wat ons kan leer

DATUM




Ons skryf Voltooi hierdie sinne deur **so 'n** of **sulke** te gebruik.

Ek het gisteraand ______ opwindende fliek gesien!

Ons het vandag vir ons juffrou ______ mooi blomme gegee.

Mamma het vanaand vir ons ______ lekker kos gemaak.

Ek het ______ oulike nuwe selfoon gekry!

Hy het ______ gawe dinge van jou gesê.

Ons het vandag ______ moeilike toets geskryf.

Ons skryf Verbind hierdie sinne. Gebruik die woorde tussen hakies.

Die leeu het saggies met die ander diere gepraat. Hulle het na hom geluister. (en)

______

Die leeu het 'n brulmasjien gemaak. Hy het vies geword vir die vark. (omdat)

______

Die ander diere was vir hom bang. Hy het gebrul. (want)

______

Die diere was bang en het weggekruip. Toe het hulle hom vergewe. (maar)


______

Ek hou van mense wat nie hard praat nie. Ek hou van mense wat goedgeaard is. (en)

______




Die leeu het 'n belangrike les geleer. Dit is beter om saggies met mense te praat as om vir hulle te skree. Voltooi die geheuekaart om te wys waarom dit belangrik is om saggies met mense te praat eerder as om vir hulle te skree.












Skryf twee paragrawe oor wat eenmaal met jou gebeur het toe jy vir iemand geskree het omdat jy jou humeur verloor het. Gebruik die spinnekopkaart om jou te help.

Sê in die eerste paragraaf waarom jy vir iemand geskree het.


Sê in die tweede paragraaf wat gebeur het en hoe die persoon gereageer het toe jy vir hom of haar geskree het.





# 87 Meer oor die leeu

DATUM



## Ons lees

Baie diere woon op die grasvelde van Afrika. Hulle het nie 'n maklike lewe nie. Soms is daar **oorstromings**, en soms is daar droogtes. Daar is ook baie **roofdiere** in hierdie **habitat**, insluitend die grootste een waarin ons belangstel – die leeu.

*Die trop*

'n Familie leeus word 'n trop genoem. Daar is nooit meer as vier mannetjies in 'n trop nie, maar daar kan baie leeuwyfies wees. Wanneer jong mannetjies omtrent 4 jaar oud is, verlaat hulle die trop. Soms bly hulle saam totdat hulle ouer is. Dan vorm hulle hul eie trop.

*Mannetjies*

Die mannetjies is groter as die wyfies en het **maanhare**. Mannetjies pas hulle trop op en hou hul gebied veilig.

*Klein leeutjies*

Leeuwyfies kry omtrent 4 welpies op 'n slag. Hulle drink hulle ma se melk totdat hulle 6 maande oud is. Al die leeuwyfies deel die taak om die klein leeutjies in die trop op te pas!

*Die leeu as jagter*

Leeus jag enige tyd, maar verkies dit om snags te jag. Die leeuwyfies doen die meeste van die werk, omdat hulle vinniger as die mannetjies is. Leeus kan byna 7 keer beter as mense in die donker sien!

*Die toekoms van ons leeus*

Vyftig jaar gelede was daar omtrent 46 000 leeus in die natuur. Vandag word hul getalle op 22 000 **geraam**. As ons hulle nie bewaar nie, sal hulle heeltemal uitsterf.

## Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek..

| | |
|---|---|
| **oorstromings** | diere wat ander diere jag |
| **roofdiere** | geskat |
| **habitat** | die hare op 'n leeumannetjie se kop |
| **maanhare** | die omgewing waarin 'n dier leef |
| **geraam** | vloede |

NUWE WOORDE

**Ons skryf** Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Skryf 3 dinge neer wat die lewe vir wilde diere in Afrika moeilik maak.

Wat word 'n groep leeus genoem?

Waarom dink jy is daar minder mannetjies as wyfies in 'n trop?

Waarom doen die leeuwyfies die jagwerk?

Dink jy die leeus van Afrika sal oorleef? Wat kan ons doen om seker te maak dat hulle oorleef?

**Ons skryf** Maak die woorde reg wat verkeerd gespel is.


Baie diere leuf in die Krugerwildtyn.

Ons onderwuiser het ons in 'n skoolbus na die Krugerwildtyn geneem.

Leeuwuifies is baie viniger as leeumanetjies.

Wie wil grag 'n leeeu sien?

Al die leeuwuifies in die trop pas die klyn leeeutjies op.



Teacher:

Sign:

Date:

DATUM

# 88 Kom ons red die leeu

Ons lees




Wanneer jy instruksies of padaanwysings skryf, moet jy onthou om die **gebiedende** wyse of **imperatief** te gebruik. Die imperatief word gebruik wanneer jy 'n bietjie baasspelerig voel, of wanneer jy iemand wil sê wat om te doen of hoe om te loop of te ry. Byvoorbeeld:

*Doen jou huiswerk voordat jy die televisie aanskakel! of Bestuur versigtig!*

Kan jy sien dat daar geen onderwerp in die sinne is nie?

Daar is 'n leeupark buite Johannesburg. Kyk na die vloeidiagram wat jou wys hoe om van Pretoria af daarheen te ry. Volg die rigting van die pyle wanneer jy die diagram lees.

Van Pretoria af neem die taxi die N1. → Dan draai die taxi af op die R512, die pad na Krugersdorp. → Die taxi draai by afrit 295 af in die rigting van die Lanseria-lughawe. → Laastens draai die taxi links op die R512. → Dan draai die taxi af op die M34. → Dan draai hy links af na die leeupark.

Ons skryf

Skryf die beskrywings op die vloeidiagram in die vorm van 'n lys padaanwysings. Moenie vergeet om jou lys te nommer nie.

1. 
2. 
3. 
4. 
5. 
6. 

**Ons skryf**

Vul die ontbrekende voorsetsels in die paragraaf oor die leeupark in. Kies uit die woorde in die raampies. Jy mag elke woord meer as een maal gebruik.

in | buite | deur | uit | van

Die leeupark lê ______ Johannesburg. Dit is ______ twee dele verdeel - een area vir plantvreters soos sebra, kameelperd en bokke, en die ander area vir die vleisvreters soos leeus. Die plantvreters loop vryelik ______ die area rond, en besoekers kan die diere van naderby sien. Die kampe, waarin drie troppe leeus en 'n trop hiënas woon, word ______ heinings omring om te verhoed dat die verskilende troppe leeus mekaar aanval. Leeus beskerm hul gebied en kan ander leeus wat ______ hul gebied inkom, aanval. Die meeste leeus ______ die park is die nasate van leeus wat oorspronklik ______ ander lande gekom het. Die leeupark bring ook ander leeus ______ ander areas hierheen. Die leeus is baie gelukkig en woon almal ______ gemaklike omstandighede.

**Ons skryf**

Jy wil 'n brief aan jou maat in Durban skryf om hom of haar van jou uitstappie na die leeupark te vertel. Gebruik die inligting wat jy geleer het om jou te help om die brief te skryf.

Liewe ______

Eerste paragraaf: Saam met wie jy na die park gegaan het

______

Tweede paragraaf: Wat jy in die park gesien het

______

Derde paragraaf: Hoe jy jou besoek geniet het


______


Liefde ______

**Vir die pret**

Skryf etikette vir die leeu. Gebruik die woorde in die raampies.

oë | neus | maanhare | ore | pote | stert






89

# Die Samango-aap word bedreig

DATUM

**Ons praat**

Kyk na die prent van die Samango-aap en gesels daaroor.



- Hou jy van ape, of is jy bang vir hulle? Vertel vir die klas waarom.
- Het jy al ooit 'n wilde aap gesien? Vertel jou maat daarvan.

**Ons lees**

**Die Samango-aap**

*Voorkoms*

Die mannetjies is ongeveer 2 kg swaarder as die wyfies. Die ape se sterte is 'n derde langer as hul lywe. Die **pels** op hul koppe en skouers is donkergrys tot swart. Hul gesigte en agterpote is swart. Die vel op hul voorpote is ligter, en hul pense en kele is 'n **romerige** kleur.

*Dieet*

Die Samango-aap eet vrugte, insekte, blomme en blare. Soggens eet hulle vrugte, later in die dag skakel hulle oor na blare, en saans eet hulle 'n **kombinasie** van vrugte en blare.


*Gedrag*

'n Enkele, **dominante** mannetjie woon saam met sy wyfies en hul babas. Die mannetjie oorheers die res van die trop en jaag ander mannetjies weg.

*Habitat*

Die Samango-aap woon hoofsaaklik in die woudgebiede van KwaZulu-Natal en Mpumalanga. Hy betree **selde** woudgebiede van minder as 50 **hektaar**.





**Ons pas**

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **pels** | 'n beskrywing van die grootte van 'n stuk grond |
| **romerige** | baie min |
| **kombinasie** | oorheersende; sterkste |
| **dominante** | die hare wat hul lywe bedek |
| **selde** | mengsel; samevoeging |
| **hektaar** | met die kleur of tekstuur van room |

**Ons skryf**

Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.


Wat eet Samango-ape?

Hoeveel mannetjies woon in 'n trop?

Waarom dink jy is dit die geval?


In watter twee provinsies kom die Samango-aap voor?

Kan jy aan 'n rede dink waarop die Samango bedreig word? Skryf dit neer.



# 90 Meer oor die Samango-aap

DATUM



**Ons skryf** Verander hierdie stellings in vrae.
Gebruik die woorde tussen hakies.

Die Samango-aap eet vrugte, blare en neute. (wat)

Hulle kom hoofsaaklik in KwaZulu-Natal en Mpumalanga voor. (waar)

Hulle het lang sterte, romerige pense en donker pote. (hoe)

Daar is tussen 30 en 40 ape in elke trop. (hoeveel)

Die mannetjie oorheers die trop. (wie)

**Ons skryf**

Skryf hierdie sinne oor.
Begin met die woord "Môre ".

Die ape eet vrugte en neute.

'n Sterker mannetjie baklei met 'n swakker mannetjie.

Die wyfies versorg die babas.

Hulle klim in die bome van die woud om vars blare te soek.

Mannetjies keer dat ander mannetjies hul gebied binnekom.

> Wanneer ons aantekeninge maak, skryf ons inligting wat ons geleer het in ons eie woorde neer.
>
> Ons skryf net die hoofidees en -feite neer. Ons skryf nie volsinne nie.

## Ons skryf

Lees die gedeelte oor die Samango-aap weer deur. Maak in jou eie woorde aantekeninge daaroor.

Voorkoms

Hier is 'n voorbeeld van aantekeninge vir die paragraaf oor hul voorkoms.

*Die pels op hul koppe en skouers is donkergrys tot swart. Hul gesigte en agterpote is swart.*

*Die vel op hul voorpote is ligter, en hul pense en kele is 'n romerige kleur.*



Skryf nou jou eie aantekeninge onder die volgende opskrifte.

Dieet

Gedrag

Habitat


> *Wanneer ons 'n voorvoegsel vooraan 'n woord byvoeg, maak ons 'n nuwe woord. Woorde met die voorvoegsels on-, dis-, ab- en wan- beteken nie.*



## Ons skryf

Omkring die voorvoegsel in elk van hierdie woorde en skryf dan wat elke woord beteken.

| | |
|---|---|
| onverantwoordelik | |
| wanordelik | |
| disrespek | |
| abnormaal | |



# 91 Ons tel die ape

DATUM

**Ons praat**

- Het jy al ooit 'n opname gedoen?
- Indien wel, waaroor het jy 'n opname gedoen? Vertel vir die klas.

**Ons lees**




**Samango-ape word in Limpopo getel**

deur Siphiwe Nyathi

Louis Trichardt – 'n Gemeenskap in Limpopo word **aangemoedig** om te help om die aantal Samango-ape wat nog in die Soutpansbergstreek naby Louis Trichardt voorkom, te help tel.

Bibi Linden sê dat **ontbossing** die **oorlewing** van die ape, wat in hoë bome woon, in gevaar stel.

"Al die spesies wat in woude woon, verloor hul habitats. Dit gebeur as gevolg van ontbossing, en omdat **uitheemse** plante besig is om in die woude in te dring. Die ape is as bedreig opgeteken," sê sy.

Sy sê sy moet **vasstel** waar die ape is en hoeveel daar nog is om hulle te help bestuur en **bewaar**.

"Ons kan nie 'n **opname** van elke paadjie in die woud maak nie, daarom vra ons lede van die publiek om ons te help," sê Linden.

Linden vra dat inwoners wat die ape op hul plase waarneem, haar asseblief moet inlig. Sy het besonderhede nodig aangaande die tye en plekke waarop die ape gesien word, asook die name van die plase.

"Samango-ape leef in troppe van 12 tot 20, wat gewoonlik 'n volwasse mannetjie, ses tot agt wyfies en 'n aantal jong ape insluit. Hulle slaap in die bome en soek kort tydjies gedurende die dag kos," sê Linden.




Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **aangemoedig** | van buite die land afkomstig |
| **ontbossing** | uitvind; bepaal |
| **oorlewing** | die afkapping van bome |
| **uitheemse** | telling; ondersoek |
| **vasstel** | beskerm; behou |
| **bewaar** | voortgesette bestaan |
| **opname** | gevra; aangespoor |




Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.


Wie doen die opname?

Waarom doen sy die opname? Beantwoord die vraag in jou eie woorde.

Waarom het sy die hulp van die gemeenskap nodig?

Waardeur word die ape bedreig?

Waarom word die artikel met inligting oor die ape se gewoontes afgesluit?



DATUM

# 92 Ons help om die Samango-aap te red



**Ons skryf** Skryf die volgende in indirekte rede oor.

> Al die spesies wat in woude woon, is besig om hul habitats te verloor.

Juffrou Linden sê dat

> Ek moet vasstel waar die ape nou is en hoeveel daar is.

Sy verduidelik dat

> Ons kan nie 'n opname van elke paadjie in die woud doen nie, daarom vra ons dat lede van die publiek ons moet help.

Sy sê dat

**Ons skryf** Skryf hierdie sinne oor. Gebruik punte, kommas, vraagtekens en hoofletters op die regte plekke.

mense in limpopo word gevra om te help om die samango-ape wat in die soupansbergstreek naby louis trichardt leef te tel

dit is belangrik om hierdie opname te doen

juffrou linden praat noord-sotho engels setswana isizulu en isixhosa


juffrou linden vra haar vriende moses linda michael en martha om haar te help

het jy besluit watter inligting jy van die opname nodig het

**Ons skryf**

Verbeel jou dat jy 'n opname van kinders in jou klas wat verskillende vrugte eet, gedoen het. Kyk na hierdie tabel.

| | Perskes | Bessies | Pruime | Appelkose | Druiwe | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Deon** | √ | √ | √ | √ | √ | **5** |
| **Milly** | | √ | | √ | | **2** |
| **Bheki** | √ | | √ | | √ | **3** |
| **Lindie** | √ | √ | | | √ | **3** |
| **Redi** | √ | | √ | √ | √ | **4** |
| **Kanya** | √ | √ | | √ | | **3** |
| **Mike** | √ | √ | √ | √ | | **4** |




Gebruik nou die inligting in die tabel om 'n staafdiagram op te stel.


| **VRUGTE** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | |
| | Deon | Milly | Bheki | Lindie | Redi | Kanya | Mike |

**NAME**

**Vir die pret**

Kyk na die twee prentjies van Samango-ape. Omkring die vyf verskille tussen die twee prente.





Kwartaal 3 – Week 8

# 93 Die wonderlike vlermuis

DATUM

## Ons lees

Die son sak op 'n someraand. 'n Paar vlermuise vlieg by die ingang van 'n diep, donker grot uit en begin hoog in die lug rondswiep. Al meer van die klein, harige wesentjies verskyn. Binne enkele minute stroom 'n hele rivier van vlermuise uit die grot uit. Hulle hou aan kom, miljoene der miljoene van hulle.

Klink dit soos 'n gruwelrolprent? Glo dit of nie, dit gebeur elke aand, die hele somer lank, by die Brackengrot in Texas in die VSA, wanneer 20 miljoen vlermuise hul verskyning maak om insekte te kom vreet. "Dit is magies," sê Jim Kennedy. "Dit is een van die wonderbaarlikste bewegings van diere op die planeet."

'n Groep vlermuise word 'n kolonie genoem. Elke Maart of April migreer Mexikaanse vlermuise 609 kilometer van hul winterhuis in Mexiko na hierdie grot, waar hulle hul kleintjies grootmaak. Kort na hul aankoms skenk elke wyfie geboorte aan een kleintjie. Tot 500 kleintjies leef op mekaar gebondel in 31 kubieke sentimeter spasie, waar al daardie klein liggaampies 'n lekker warm temperatuur handhaaf om hulle knus en gemaklik te hou.

Moontlik wonder jy hoe die mammas hul babas tussen al die ander uitken. Wanneer dit tyd is dat die mammas hul kleintjies moet soog, gebruik hulle hul reuksintuig om te ruik watter kleintjies hulle s'n is.

Die grot, wat in die winter stil is, krioel in die somer van lewe — en dis nie net vlermuise nie. Vlermuismis, wat guano genoem word, bedek gou die vloer van die grot, wat kos aan klein bakterieë en swamme voorsien. En dan is daar die goggas, sê Kennedy: "Jy stap met jou koplig aan, en die vloer van die grot wemel van goggas. Die muggies is oral, en kewers kruip teen jou bene op!"

## Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.

- Was jy al ooit in n grot? Indien wel, vertel die klas daarvan.
- Het jy al ooit 'n vlermuis gesien? Vertel vir die klas hoe hy gelyk het.





Wanneer volwasse vlermuise die grot snags verlaat om kos te soek, help hulle mense. Hulle vreet elke nag tonne insekte – ook baie plaaginsekte wat boere se gewasse vreet. Hulle raak ook van muskiete ontslae.


Wanneer 20 miljoen vlermuise by een grotopening uitvlieg, vorm hulle 'n kolom wat so dik is dat dit op die radar van die nabygeleë lughawe gesien kan word. Dit kan drie uur duur voordat hulle almal uit die grot uit is. "'n Mens kan die bries voel wat deur hul vlerke veroorsaak word, en jy kan sien hoe dit die blare van bosse laat beweeg," sê Kennedy. "Die geklap van al daardie vlerke maak 'n rustige geluid wat 'n mens laat ontspan. Ek het nog altyd gedink dit sou die ideale opname maak om 'n mens te help om aan die slaap te raak."

'n Mens sou dink dat vlermuise nie bedreig word nie, maar dit is ongelukkig nie waar nie. Die grootste vlermuiskolonie in die VSA, in die Eagle Creekgrot in Arizona, het in die 1960's nog 30 tot 50 miljoen vlermuise gehad, maar sedertdien is die getalle as gevolg van menslike aktiwiteite tot slegs 30 000 verminder. Verskeie spesies Noord-Amerikaanse vlermuise word nou as bedreig beskou omdat hulle deur mense doodgemaak is of versteur is deur mense wat die grotte binnegegaan het.




Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **rondswiep** | soos 'n feëverhaal |
| **wesentjies** | krioel |
| **magies** | diertjies; kreatuurtjies |
| **migreer** | apparaat wat posisie bepaal |
| **knus** | tipe of soort |
| **wemel** | snoesig |
| **radar** | na 'n ander land reis |
| **spesie** | in die lug ronddraai |



# 94 Nog meer oor vlermuise

DATUM

**Ons skryf** Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Gedurende watter seisoen migreer vlermuise?

Watter seisoen kry ons in Suid-Afrika van Maart tot April?

Hoe soek wyfievlermuise hul kleintjies om hulle te soog?

Hoe help vlermuise mense?

Wat dink meneer Kennedy sou goeie slaapmusiek maak?

Waarom het sommige vlermuisspesies bedreig geraak?



**Ons skryf** Omkring die regte werkwoord in elke sin.

Vlermuise (vlieg/sal vlieg) snags.

Die vlermuiswyfie (soog/voed) haar kleintjie.

Daar (is/was) nou minder vlermuise as wat daar 10 jaar gelede was.

Hoe (ken/weet) 'n vlermuiswyfie watter



Waardeur (word/is) vlermuise bedreig?

Ons skryf

Gebruik die werkwoord **vlieg** op verskillende maniere om die sinne hieronder te voltooi.



Die vlermuise ______ elke nag uit die grot uit.

Môre ______ die vlermuise uit die grot ______ om kos te gaan ...


Die son het gesak, en die vlermuise is besig on uit die grot ______

Gister ______ die vlermuise uit die grot ______.

Die vlermuiswyfie ______ vinnig na die grot toe om haar kleintjie te soog.


*'n Onderwerpsin bevat die hoofidee van 'n sin. Dit is gewoonlik aan die begin van 'n sin, maar nie altyd nie.*






Ons skryf

Lees weer die gedeelte oor vlermuise. Onderstreep die onderwerpsin in elke paragraaf. Gebruik die onderwerpsinne wat jy onderstreep het om 'n opsomming van die gedeelte te skryf.



Skryf vir jou paragraaf 'n slotsin.

Gee jou paragraaf 'n opskrif.



# 95 Ons leer nog oor die vlermuis

DATUM



## Ons lees

Vyf bang vlermuise
Hang onder die maan.
"Stil!" sê die eerste.
"Die heks kom nou aan."
"Sy is groen," sê die tweede,
"En haar neus is bloedrooi."
"Die swart stewels," sê die derde,
"Aan haar voete is glad nie mooi."
"Haar besem," sê die vierde,
"Kan jou krap – dit weet ek!"
"Ek is bang," sê die vyfde.
"Ek dink sy is lekker gek."
Vyf bang vlermuise
Ontsnap voordat sy hulle vang.
"Liewe aarde," sê die heks.
"Hulle maak my skoon bang!"

## Ons skryf

Lees die gedig weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Waar was die vyf vlermuise?

Wat het hulle bang gemaak?

Skryf 5 dinge omtrent die heks neer wat hulle bang gemaak het.

Hoe het die heks reageer?

## Ons lees

Lees die gedig hardop en klap die ritme met jou hande.

## NUWE WOORDE

**Ons skryf**

Maak anagramme deur die letters van hierdie woorde te herrangskik.

| | | | |
|---|---|---|---|
| soort | | koor | |
| twee | | star | |
| bokspring | | oester | |
| reën | | moord | |
| saal | | boord | |

*Jy kan 'n* ***anagram*** *maak deur die letters van 'n woord te herrangskik om 'n ander woord te vorm.*

*Voorbeeld: boer = bore*



**Ons lees**

Vlermuise gebruik hul gehoorsin om hulle te help om kos te kry. Hul ore is baie sensitief. 'n Vlermuis kan vasstel waar 'n voorwerp of 'n dier is deur klikklanke te maak wat 'n eggo veroorsaak. Dit word eggo-plekbepaling genoem. Vlermuise gebruik hierdie sisteem om vir hulle te sê waar bome en geboue is. Dit is hoe hulle in die donker kan vlieg sonder om in iets vas te vlieg.

**Vir die pret**

Staan op verskillende plekke in die klas.

Een kind moet die vlermuis wees. Die ander kinders gebruik verskillende voorwerpe om klanke te maak. Iemand kan twee stokkies teen mekaar klik, iemand anders kan 'n lepel saggies op glas tik, nog een kan 'n klokkie lui, 'n ander een kan haar voete stamp, en nog een kan sy hande klap. Dink aan ander klanke wat julle kan maak.

Die vlermuis staan in die middel van die klas en maak sy of haar oë toe. Vyf klasmaats op 'n slag maak hul geluide, en die vlermuis moet probeer sê wat die geluide is en die klasmaats probeer opspoor. Maak beurte om die vlermuis te wees.



Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

# 96 Kom ons red ons diere

**Ons lees**

Wen 'n dag in die natuur!

Skryf in vir ons buitengewone dierekompetisie!


Moenie vanjaar se buitengewone dierekompetisie misloop nie. Stuur aan ons 'n prentjie van 'n dier wat groot of klein, snaaks of vreesaanjaend, doodgewoon of buitengewoon is. Jy kan foto's of 'n tekening stuur. Skryf daarby 'n paragraaf waarin jy die dier wat jy gekies het, beskryf. Voeg jou naam en adres by en stuur jou inskrywing aan:

Diere en hul Giere, Dierelaan 1321, Vlermuisdorp, 1111.

Sluitingsdatum: Die einde van kwartaal 3.

**Ons doen**

Teken jou dier in die raam of plak 'n foto van hom in.



**Ons skryf** Skryf een paragraaf waarin jy die dier wat jy gekies het, beskryf.

NUWE WOORDE

**Ons doen**

Jy wil 'n katte-en-hondeskou hou om geld vir bedreigde diere in te samel. Maak 'n plakkaat om jou katte-en-hondeskou te adverteer.

Sluit die volgende by jou plakkaat in:

- 'n Opskrif wat die oog vang
- Die plek, datum en tyd waarop die skou gehou gaan word
- Die koste van die kaartjies
- Die name van die bedreigde diere ten bate waarvan die skou gehou word

Jou plakkaat moet mense oorreed om die skou by te woon. Maak dit helder en kleurvol. Probeer om prente van sommige van die katte en honde wat ten toon gestel sal word, te teken of in te plak.




**Vir die pret**

Daar is geen klinkers in hierdie woorde nie. Kan jy uitwerk wat die woorde is, sodat die sinne duidelik word?

| | |
|---|---|
| 'n Vlrms sk sngs ks. | |
| Rnstrs ht lng hrngs. | |
| Jglprds hrdlp vnng. | |
| 'n Sbr ht swrt en wt strp. | |

Teacher:
Sign:
Date:





# Ons aarde











# 7






# 97 Die aarde en sy uiterstes

DATUM

Ons praat

Kyk na die prente en gesels daaroor.



- Wat sien jy aan weerskante van die aarde?
- Die tema van hierdie lesse is "Die aarde en sy uiterstes". Gesels met jou maat oor hoe die prentjies by die titel van die tema pas.

Ons lees


Ons leef op 'n planeet wat werklik **merkwaardig** is.

Die aarde is rond, maar dit het twee ente of pole – die Noordpool en die Suidpool. Die twee pole is baie, baie koud. **Trouens**, dit is soms tot -20 ˚C by die Noordpool en -40 ˚C by die Suidpool. Kan jy jou voorstel dat 'n plek so koud kan wees dat, indien jy met jou kaal hand aan metaal sou raak, jou vel daaraan sou vassit? Die rede waarom dit hier so koud is, is omdat die pole so ver van die son verwyder is.

Op ander plekke op aarde spuit water wat kokend warm is, onder die aarde uit. Hierdie water is so warm dat ons nie naby daaraan kan kom nie! Die rede hiervoor is dat die water ondergronds met vuurwarm rots in aanraking kom en dan self kokend warm word. Die warm water spuit dan soos 'n fontein uit die grond uit. Ons noem dit 'n **geiser**.

Ons het berge wat kilometers hoog die lug in reik, en grotte wat duisende meter onder die aardoppervlak is. In die reënwoude reën dit **feitlik** elke dag van die jaar, en die woestyne kry soms jare lank geen reën nie.

Die aarde rammel en brul ook en kan selfs **ontplof**!






## Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **merkwaardig** | spuitbron |
| **trouens** | opblaas |
| **geiser** | buitengewoon |
| **feitlik** | om die waarheid te sê |
| **ontplof** | byna |





## Ons skryf

Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Op watter maniere verskil die Noord- en Suidpool van die res van die aarde?


Waar dink jy is die warmste plek op aarde?
Maak 'n regmerkie langs die regte antwoord.

- [ ] naby die pole
- [ ] by die ewenaar, wat in die middel van die aardbol is
- [ ] oral waar die son skyn

Waarom kom daar geisers voor?

Hoe verskil reënwoude van die meeste ander plekke op aarde?

As jy 'n berg kon klim of 'n grot kon verken, watter een sou jy kies? Sê waarom



DATUM

# 98 Ons leer meer oor Moeder Aarde

**Ons skryf** Gebruik die woorde tussen hakies om hierdie sinne te verbind.




Voorbeeld: Dit is baie koud by die pole. Niemand kan lank buite bly nie. (en) Dit is baie koud by die pole en niemand kan lank buite bly nie.

In Suid-Afrika is dit warm in Desember. Dit is koud in Junie. (maar)

Jy moet warm aantrek. Jy gaan na die Suidpool toe. (indien)

Ek hou van die hitte. Dudu hou van die koue. (en)

Dit reën baie in die Mexikaanse reënwoud. Dit is uiters droog in die Kalahariwoestyn. (terwyl)

Die aarde rammel en grom. Daar is 'n aardbewing. (wanneer)

**Ons skryf** Omkring die regte woord.



Die meisie se hare is lank en baie **styl/steil**.

Die kind is 'n presteerder en hou nie daarvan om te **faal/vaal** nie.

Dit was moeilik om die onderwyser se gesigsuitdrukking te **pyl/peil**.

Die vrou het 'n **bond/bont** rok aangehad.

Die skape het rustig in die veld **gewei/gewy**.









**Ons skryf** Lees die gedeelte in die vorige werkkaart weer deur en beantwoord dan hierdie vrae.

Hoeveel paragrawe is daar in die gedeelte? Onderstreep die eerste sin van elke paragraaf.

| |
|---|
| |

Die eerste sin van elke paragraaf vertel vir ons waaroor die paragraaf handel. Die ander sinne vertel vir ons meer oor die eerste sin.

Die onderwerpsin van die eerste paragraaf is:
*Die aarde is rond, maar dit het twee ente of pole – die Noordpool en die Suidpool.*

Wat is die onderwerpsinne vir die volgende paragrawe?

| | |
|---|---|
| Paragraaf 2 | |
| Paragraaf 3 | |


Ons sou vir die tweede paragraaf die opskrif "Die Noordpool en die Suidpool" kan gee. Wat dink jy sou goeie opskrifte vir die derde en vierde paragrawe wees?

| | |
|---|---|
| Paragraaf 3 | |
| Paragraaf 4 | |

Kies nou een van hierdie onderwerpe, of kies jou eie onderwerp, en skryf opskrifte vir die paragrawe wat jy oor jou onderwerp sou skryf.


Tafelberg | die see | die son | die maan

| | |
|---|---|
| Paragraaf 1 | |
| Paragraaf 2 | |
| Paragraaf 3 | |



*Die sin wat vir ons sê waaroor die paragraaf handel, word die onderwerpsin genoem.*





DATUM

# 99 Ons aarde in rym

Ons lees



Die aarde is gegee om ons te steun
Dit is daar vir elke dogter en seun.
Maar ons moet onthou die goue reël
Dat ons sy skoonheid moet deel
Met al die kinders wat nog kom,
Wat ook wil lag en speel in die son
Om die bome en in die veld.

Daarom moet ons die planeet bewaar
Teen gemors en besoedeling so naar
En sorg dat die lug bly vars en skoon
Sodat almal dit kan inasem wat hier woon.
Altyd moet ons die aarde wat aan ons behoort
Oppas vir die voortbestaan van elke soort.



**Ons skryf**

Gee die gedig 'n titel.

Wie dink jy het die gedig geskryf? Maak 'n regmerkie langs die regte antwoord.

☐ 'n volwassene ☐ 'n kind

Sê waarom jy so dink.

Die digter wil hê dat mense die aarde moet oppas. Waarom dink sy dat dit belangrik is?

Wat moet ons doen om die aarde op te pas?

Skryf een ding neer wat jy kan doen om te help om ons planeet te red.

**Ons skryf**

Voltooi hierdie gedig deur woorde uit die raampies te kies.

vervang

werf

seer

pyn

lus

Wêreldverwarming gee aan ons 'n duidelike sein
Dit laat Moeder Aarde uitroep in ________.
Dit maak ons planeet baie ________
Dit verander alles van die temperature tot die weer.
Ons moet dit nou keer, elkeen op sy eie ________
Sodat mense, plante en diere nie uitsterf.
Moeder natuur kan dit nie doen nie, kom ons laat haar met rus
Ons moet almal saamwerk, al het ons nie ________.
Ons planeet is kosbaar en ons kan dit nie ________
Ons moet nou optree, anders gaan die verwoesting sy gang.

**Ons skryf**

Gebruik die gedig om hierdie geheuekaart te voltooi.

Laat die natuur met rus



Ons planeet is kosbaar



# 100 Wat is daar in die grot?

DATUM



**Ons skryf** Lees hierdie storie en vul **en** of **maar** in om die sinne te voltooi.

Silla ☐ Moses was by 'n wetenskapkamp. Hulle het net 'n halwe kilometer gaan stap, ☐ toe hulle op pad terug was, het die lug baie donker geword en het dit begin reën. Die kort entjie het nou baie lank begin lyk. Hulle kon skaars die paadjie voor hulle sien.

Luide donderweer het bo hul koppe gerammel. "Kyk, Moses!" roep Silla. Sy wys na 'n skaduwee onder 'n groot, plat rots ☐ hardloop na die rots toe. Daaronder was 'n spasie wat nie groot genoeg was dat hulle daarin kon staan nie. Silla het onder die rots ingekruip, ☐ Moses het haar gevolg.

Veilig onder die rots het hulle hul asem teruggekry ☐ gerus. Hul karige skuilinkie het die reën van hulle afgehou, ☐ dit was klein ☐ ongemaklik. Moses kyk om hom rond ☐ sien 'n groot opening wat in die kant van die heuwel inlei. "Ek is seker dit sal lekker droog daar wees," sê hy. Hy kruip in die opening in. Silla skud haar nat hare ☐ kruip agter hom aan.

**Ons skryf** Gebruik hierdie inleiding om jou eie storie te beplan van 'n meisie en 'n seun wat verdwaal in 'n grot. Daar vlieg vlermuise in die grot rond, en hulle ontdek 'n tonnel.

| |
|---|
| Gee jou storie 'n titel. |
| |
| Skryf 'n opwindende inleiding vir jou storie. |
| |

Waar het die storie hom afgespeel?

Wat is die intrige? Wat het in die storie gebeur?

Wie is die karakters – die mense in die storie?

Skryf vir jou storie 'n slot.



Ons skryf

Verbeel jou jy is een van die vlermuise in die grot, en dat jy vir die kinders instruksies gegee het oor hoe hulle uit die grot kan uitkom. Kyk na die kaart en voltooi dan die aanwysings

1 Kruip met die tonnel langs totdat jy by 'n groot rots kom.

2 Draai links by die rots. Daar sal 'n groot onderwatermeer aan jou ______ -kant wees.


3 Hou reguit aan tot by die ______

Gee nou verdere aanwysings oor hoe om by uitgang te kom.

Onthou om:

- jou instruksies te nommer
- duidelike aanwysings te gee
- landtekens te gee om dit vir die kinders makliker te maak om uit die grot uit te kom



DATUM

# 101 Bergklim

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor.



- Het jy al ooit van Berg Everest gehoor?
- Dink jy dit sal moeilik wees om 'n baie hoë berg te klim?
- Sou jy graag 'n hoë berg wil klim? Sê waarom.

**Ons lees**


Sir Edmund Hillary en Tenzing Norgay was die eerste twee mense wat Berg Everest geklim het. In 1996 het Sir Edmund hierdie vrae beantwoord wat studente aan hom gestel het.


Vraag: Waar het julle die energie gekry om Berg Everest te klim?

Antwoord: Ek was baie fiks en het baie ervaring gehad.

Vraag: Hoe vergelyk ander berge wat u al geklim het met Everest?

Antwoord: Ander berge het moeiliker roetes as Everest, maar nie een van hulle het daardie laaste 800 voet van steilte nie.






Vraag: Wat het julle gehelp om die spits van die berg te bereik?

Antwoord: Sterk **motivering** was die belangrikste **faktor**.

Vraag: Moes julle al jul eie kos saamneem, of was daar 'n bietjie kos op die berg beskikbaar, soos plante?

Antwoord: Ons moes al ons eie kos saamneem.

Vraag: Hoeveel kos het julle geneem? Watter soort kos het julle geëet?

Antwoord: Hoog op teen die berg moet jy jouself dwing om te eet. Die meeste van ons energie het ons gekry van baie soet drankies — meestal warm, flou tee met baie suiker.

Vraag: Was daar ooit 'n tyd bo-op Everest toe julle bang was?

Antwoord: Ek was dikwels op Everest bang, maar dit vorm alles deel van die uitdaging. Toe ek in 'n **spleet** afgeval het, was dit taamlik vreesaanjaend.

Vraag: Hoe het dit daar van hoog teen die berg op gelyk? Hoe lank het dit geduur voordat julle die spits bereik het?

Antwoord: Van die **kruin** af kon ons minstens 'n honderd kilometer in elke rigting sien. Dit het sewe weke geduur van die basiskamp tot heel bo, maar net drie dae om af te kom.

Vraag: Hoe het julle gevoel toe julle die spits bereik het? Kon julle enigiets sien? Hoe het die wêreld van daar af gelyk?

Antwoord: Toe ons bo gekom het, het ons 'n gevoel van groot bevrediging ervaar omdat ons die eerste was. Ons kon baie ver in elke rigting sien — meestal berge, **gletsers** en hoë **plato's**.




Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **motivering** | plat grond |
| **faktor** | skeur |
| **spleet** | spits |
| **kruin** | ysberge |
| **gletsers** | inspirasie |
| **plato's** | oorsaak; rede |



DATUM

# 102 Bergklim is pret

**Ons skryf** Lees die gedeelte in die vorige werkkaart weer, en skryf dan antwoord op hierdie vrae neer.

Met wie word daar 'n onderhoud gevoer?

Wie voer die onderhoud? Maak 'n regmerkie langs die regte antwoord.

☐ 'n Onderwyser ☐ 'n Student ☐ 'n Joernalis

Wat dink jy moet 'n mens doen voordat jy 'n hoë berg kan klim?

Wat maak Everest moeilik om te klim?

Wat kan bergklimmers van die kruin van die berg af sien?


Dink jy Sir Edmund Hillary sou beroemd gewees het indien hy nie die spits van Everest bereik het nie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Is hierdie onderhoud vir jou interessant? Sê waarom.





## Ons lees



Lees hierdie gedeelte oor Cathy O'Dowd, 'n Suid-Afrikaner wat Everest geklim het.

Om 8 vm op die 29ste Mei 1999 het Cathy O'Dowd, 'n 30-jarige bergklimmer van Suid-Afrika, die kruin van Everest bereik en daarmee saam geskiedenis gemaak. Sy het die eerste vrou geword wat die hoogste berg in die wêreld van sowel sy suide- as sy noordekant geklim het.

Om dit te bewerkstellig, moes Cathy groot gevare te bowe kom. Gedurende haar eerste klim van die suidekant in 1996 is sy en haar span deur 'n dodelike storm betrap. Ná die storm moes hulle na die basiskamp toe terugkeer.

Terwyl ander spanne besig was om op te pak om te berg te verlaat, het sy en haar span besluit om weer te probeer. Uiteindelik het hulle die spits bereik, maar die vreugde van sukses is van hulle weggeraap toe 'n lid van hulle span op pad ondertoe verdwyn het.



In 1998 het Cathy die berg van die noordekant probeer klim, maar slegs enkele honderd meter van die kruin opgehou om 'n sterwende Amerikaanse klimmer te probeer help. Die vrou se pleidooi aan haar was "Moet my nie alleen laat nie". Uiteindelik moes Cathy haar egter daar laat om haar eie lewe te red.

Nou het Cathy 'n boek oor haar Everest-ervaringe, haar passie vir die uitdaging van bergklim en haar liefde vir ongerepte plekke geskryf. Sy probeer om die vraag te beantwoord aangaande waarom mense Everest wil klim indien dit so gevaarlik is.

## Ons skryf

Gebruik die inligting in die gedeelte om 'n onderhoud met Cathy te skryf. Die vraagwoorde sal jou help om dit te doen.

Wanneer ______________________________

Ek het die kruin van Everest die eerste keer op 25 Mei 1996 bereik.

Watter risiko's moes jy trotseer voordat jy uiteindelik die spits van Everest bereik het?

Eerstens, ______________________________, toe

______________________________

______________________________ en laastens

______________________________

Waarom het jy 'n boek oor bergklim geskryf?

______________________________

______________________________




DATUM

# 103 Tenzing Morgay

**Ons praat** Vertel vir die klas wanneer jy gebore is, waar jy gebore is, waar jy skoolgaan, wie jou beste maat is, en wat jou gunstelingvak en gunstelingsport is.

**Ons lees**



**'n Profiel van Tenzing Norgay**

Op die 29ste Mei 1953 het Tenzing Norgay en sy spanmaat Edmund Hillary

die kruin van Berg Everest bereik. Tenzing het onmiddellik groot lof ontvang vir wat hy bereik het. Gou het hy 'n wêreldverteenwoordiger vir die Sjerpavolk geword. Hier is enkele feite oor hom.

**Jaar van geboorte:** 1914

**Plek van geboorte:** Tsa-chu, Nepal.

**Grootgeword in:** Thami, Nepal ('n dorpie naby aan die grens met Tibet en dus ook naby aan Berg Everest)

**Gesin:** Een van 13 kinders

**Tale:** Kon 7 tale praat, maar het nooit leer skryf nie

**Werk:** Het in 1933 verhuis na Darjeeling in Indië, om as trekdraer te werk

**Oorlogjare**: Ski-instrukteur in die Indiese leër

**Everesttogte:**

1935 — Eerste ekspedisie ter begeleiding van Eric Shipton

1953 — Bereik die spits op die ouderdom van 39

**Na Everest:** Open bergklimskool in Darjeeling, Indië, om ander as bergklimgidse op te lei

**Oorlede: 9 Mei 1986**

NUWE WOORDE

**Ons skryf** Skryf 'n paar feite oor jouself onder hierdie opskrifte.

Geboortedatum: ______________________

Plek van geboorte: ______________________

Name van broers en susters: ______________________

______________________

Tale wat ek praat: ______________________

Skool: ______________________

Onderwyser se naam: ______________________

Beste maat se naam: ______________________

Vakke waarvan ek hou: ______________________

Sportsoorte waarvan ek hou: ______________________


**Ons skryf** Gebruik hierdie agtervoegsels om nuwe woorde van die woorde hieronder te maak.

| | |
|---|---|
| vertrou | |
| doen | |
| senuwee | |
| krag | |
| sukses | |
| gevaar | |

vol tig lik agtig baar

*'n Agtervoegsel is 'n groep letters wat aan die einde van woorde bygevoeg word om nuwe woorde te maak:*

*vrees - vreeslik*



# 104 Meer oor berge


DATUM

Ons skryf

Kyk na die woorde op Berg Everest. Daar is werkwoorde, selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde of adjektiewe




Op Berg Everest is daar kampe waarin bergklimmers oornag. Skryf elke woord in die regte kamp neer.









NUWE WOORDE

**Ons skryf**

Manie het 'n storie begin skryf oor diere wat 'n berg wou klim, maar hy het die leestekens vergeet. Vul die hoofletters met 'n blou potlood in, die punte met 'n rooi potlood, en die kommas met 'n groen potlood.

| |
|---|
| lank gelede was die aarde in donkerte gehul nie een van die diere wat toe op die aarde gewoon het |
| het geweet hoe daglig lyk nie eendag het al die diere van die oerwoud in 'n oopte bymekaargekom hulle het gewonder of |
| dit beter sou wees om in donkerte te woon of ook daglig te ervaar al die |
| diere van die woud het tot by die spits van die hoogste berg geklim die berg |
| was so hoog dat daar geen bome heel bo was nie en net klippe en rotse |

**Vir die pret**

Toets jou geheue. Bestudeer die prent twee minute lank deeglik. Bedek dit dan met 'n stuk papier en beantwoord die vrae hieronder.




| | |
|---|---|
| Hoeveel klaskamers is daar? | |
| Wat doen elke persoon in die prent? | |
| | |
| Watter klaskamerdeur is oop? | |
| Wat is die naam van die Graad 1-klas? | |
| Aan watter deur klop 'n kind? | |
| Hoeveel voëls sit daar op die dak? | |

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

# 105 Vulkane en dinosourusse

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor.



- Het jy al ooit van 'n vulkaan gehoor of iets daaroor gelees?
- Indien wel, vertel die klas daarvan.



**Ons lees**

In 'n lank verlore land van woude, bo-op 'n hoë berg, vasgevang in 'n ou vulkaan, het die laaste groep groot, kwaai dinosourusse gewoon. Duisende jare lank het hulle al die veranderinge op aarde **oorleef**, en nou het hulle besluit om onder leiding van die groot Woestaurus hul veilige skuilplek te verlaat en weer die wêreld te **oorheers**.

Woestaurus was 'n vreesaanjaende Tirannosaurus Rex wat besluit het dat hulle te lank van die res van die wêreld **afgesonder** was. Nou het hulle begin om die wande van die groot krater af te breek, sodat hulle die buitewêreld kon bereik. Toe hulle klaar was, het al die dinosourusse hul kloue skerpgemaak, gereed om die wêreld weer te gaan **terroriseer**.

Alles buite die vulkaan was baie anders as wat die dinosourusse dit onthou het. Dae lank het hulle oor die berge getrek.

Uiteindelik het hulle van die kruin van een berg 'n dorpie onder in die vallei gesien. Dit was so ver onder hulle dat die huise en mense baie klein gelyk het. Hulle het nog nooit mense gesien nie, en nou het hulle teen die berg begin afstorm, gereed om alles wat in hulle pad sou staan, te **vermorsel** ...

Maar hoe nader hulle aan die dorpie gekom het, hoe groter het die huise gelyk. Toe die dinosourusse die dorpie uiteindelik bereik het, was die huise veel groter as die dinosourusse self. 'n Jong seun stap verby en roep na sy pa: "Pappa! Pappa! Kyk net daardie klein dinosourussies! Kan ons hulle huis toe neem?"

En so gaan dit in die lewe. Die vreesaanjaende Woestaurus en sy vriende het die troeteldiere van die dorpskinders geword. Na miljoene jare se evolusie het hulle in 'n **miniatuurspesie** ontwikkel.

So het hulle geleer dat niks vir altyd duur nie, en dat 'n mens altyd gereed moet wees om jou by nuwe dinge aan te pas.

NUWE WOORDE

domineer | vernietig | geïsoleerd | baie klein | groot | voortgaan | korrek | skrik aanjaag | soort | voortbestaan

**Ons skryf** Soek 'n sinoniem vir elk van die woorde hieronder. Gebruik die woorde in die raampies om jou te help.

| oorleef | oorheers | afgesonder | terroriseer | vermorsel | miniatuur | spesie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

Skryf nou sinne met **vyf** van jou sinonieme.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

**Ons skryf** Kies die korrekte woorde uit die woorde wat in die vulkane geskryf is.





Die vulkaan ________ gister baie stil.

Baie aktiewe vulkane ________ in Japan voorgekom.

Kan jy jou voorstel hoe dit ________ indien 'n vulkaan naby aan jou meteens aktief raak?

Ons ________ almal vreesbevange toe die vulkaan lawa begin uitskiet het.

Vurige lawa ________ teen die kant van die vulkaan begin afloop.



DATUM

# 106 Meer oor die dinosourus

Ons skryf

Lees weer die storie in die vorige werkkaart van die dinosourusse wat in die vulkaan gewoon het. Skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.



Wat sou 'n goeie titel vir die gedeelte wees?

Wat wou die dinosourusse doen?

Waarom het die dinosourusse geglo dat hulle plan sou slaag?

Wat het in die wêreld gebeur terwyl die dinosourusse in die vulkaan geleef het?

Lank tevore was die dinosourusse vreesaanjaend. Wat het aan die einde van die storie met hulle gebeur?

Ons skryf

Skryf 5 sinne oor 'n situasie wat jy beleef het, waarin jy een ding verwag het en jou toe by nuwe omstandighede moes aanpas.

**Vir die pret**

Jou skool vra jou om jou troetel-dinosourus skriftelik te beskryf. Maak die inligting op.

**Dinosourus se naam:** ______________________

**Waar hy woon:** ______________________

______________________

**Sy kleur:** ______________________

**Sy geboortedatum:** ______________________

**Die kos wat hy eet (maak 'n lys):** ______________________

______________________

______________________

______________________

**Die speletjies wat hy graag speel:** ______________________



**Ons doen**

Teken 'n prent van jou dinosourus in die oop spasie.

**Ons skryf**

Gebruik hierdie voorvoegsels saam met die woorde hieronder om nuwe woorde te maak.


'n Voorvoegsel is 'n letter of groep letters wat aan die begin van woorde bygevoeg word om nuwe woorde te maak.
**Voorbeeld: rustig - onrustig**

her | buiten | on | ver | be

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vervangbaar | stel | gewoon | mark | warm |

Skryf sinne met twee van die woorde wat jy gemaak het.

1. ______________________
2. ______________________



DATUM

# 107 Gewelddadige vulkane

Ons lees



**Vulkaanuitbarsting in Ysland**

**'n Wolk van vulkaanas bring lugverkeer deur die hele Europa tot stilstand**

'n Kragtige vulkaan het verlede week in Ysland **uitgebars**, en vandeesweek word die gevolge daarvan nog selfs tot in Hongkong en Kenia beleef. Sterk winde het 'n wolk van vulkaanas oor die grootste deel van Noord-Europa gewaai. As gevolg van hierdie onveilige toestande is lugverkeer oor die hele Europa en selfs verder weg **ontwrig**.

**Onveilige vliegtoestande**

Weens die onveilige vliegtoestande is lugverkeer in die Verenigde Koninkryk, Finland, Frankryk, Duitsland, Nederland, Noorweë en ander nabygeleë lande byna 'n week lank tot stilstand gebring.

Dit het 'n rimpeleffek oor die hele wêreld gehad. Vlugte na hierdie lande is ook **gehok**, wat miljoene reisigers **gestrand** gelaat het. Baie lughawens oral ter wêreld het meer soos kampeerterreine gelyk, omdat wagtende passasiers noodgedwonge daar moes oornag.

Glasdeeltjies in vulkaanas kan vliegtuigenjins **verstop** en hulle onklaar laat raak. Dit is waarom dit so gevaarlik kan wees om deur vulkaanas te vlieg.


**Yslandse uitbarsting**

Die naam van die vulkaan wat in Ysland uitgebars het, is Eyjafjallajoekull (die uitspraak is Ei-ja-fija-la-joekoel), wat in Yslands "eilandberg" beteken. Die vulkaan lê onder 'n gletser met dieselfde naam. Alhoewel dit een van Ysland se kleinste vulkane is, is dit nog baie kragtig. As, rook en stoom het duisende meter die lug in gespuit toe die vulkaan op 14 April uitgebars het.

Die hitte van die vulkaan het ook veroorsaak dat 'n deel van die Eyjafjallajoekull-gletser gesmelt het, wat tot **hewige** oorstromings aanleiding gegee het. Honderde mense in nabygeleë dorpe moes noodgedwonge die aftog blaas.




Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.




| |
|---|
| **uitgebars** |
| **ontwrig** |
| **gehok** |
| **gestrand** |
| **verstop** |
| **hewige** |

| |
|---|
| nie in staat om te beweeg nie |
| op die grond gehou |
| volmaak |
| kwaai |
| onderbreek |
| ontplof |

Ons skryf

Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.


Waar het die vulkaan uitgebars?

Waarom het die uitbarsting soveel lande geraak?

Hoe het die uitbarsting mense oor die hele wêreld geraak?

Waarom is dit onveilig vir vliegtuie om na 'n vulkaanuitbarsting te vlie

Hoe het die vulkaan oorstromings veroorsaak?



# 108 Meer oor vulkane

DATUM

**Ons pas**

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte uitdrukkings links.

| | |
|---|---|
| **tot stilstand bring** | ophou werk |
| **rimpeleffek** | vlug |
| **onklaar raak** | latere resultate |
| **die aftog blaas** | laat ophou beweeg |




**Ons skryf**

Voltooi hierdie sinne. Gebruik die woorde in die raampies om jou te help.

hawermout | beeste | skêr | bril | strykyster | haartangetjie




Ek het 'n splinter in my vinger gekry, toe trek my ma dit met 'n ______ uit.

Die ______ het rustig gewei.

Elke oggend eet ek ______ vir ontbyt.

Ek stryk my skooluniform met 'n ______.

Ek het 'n nuwe ______ gekry omdat my oë verswak het.

Sny die katoen met 'n ______.

Skryf nou sinne met twee van die woorde wat jy ingevul het.

1.

2.

## Ons skryf

Skryf die sinne hieronder oor deur die meervoud te gebruik.



Voorbeeld

Kan jy my help om **hierdie boks** te dra?

Kan jy my help om **hierdie bokse** te dra?

| | |
|---|---|
| Kyk na daardie vulkaan. | |
| Ek sou graag die partytjie wil bywoon. | |
| Ek kan hierdie vraag glad nie beantwoord nie. | |
| Kan jy my help om hierdie probleem op te los? | |
| Ek het nog nie daardie plek besoek nie. | |

## Vir die pret

Skryf 'n kort lettervers.

'n Lettervers is 'n aantal reëls waarvan die eerste letters van al die reëls 'n naam vorm.

Byvoorbeeld: **S**ewe jaar oud
**U**niek
**S**uper
**A**ltyd pret
**N**og oulik ook!



Gebruik hierdie letters vir jou lettervers:

| | |
|---|---|
| V | |
| U | |
| L | |
| K | |
| A | |
| A | |
| N | |



DATUM

109

# Aardbewings

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor.



- Weet jy wat 'n aardbewing is?
- Was jy al ooit in 'n aardbewing? Vertel die klas daarvan.

**Ons lees**

Die een oomblik is alles soos dit gister, eergister en verlede jaar nog was. Alles is wel met die wêreld. Dis 'n pragtige, sonnige dag, en jy lê by die huis rond, doodgelukkig. Skielik begin die borde en glase in die kaste rinkel en ratel. Binne sekondes begin stoele en tafels te rammel en te skud, waaiers te swaai, en **breekgoed** aan skerwe te spat. Help! Die pleister begin van die plafon afval, en party van die mure het meteens barste ontwikkel. Die hele aarde skud!

Hierdie skudbeweging van die aarde word 'n aardbewing genoem. Dit gebeur as gevolg van 'n skielike **vrystelling** van energie onder die oppervlak van die aarde. Daar is min rampe wat soveel **verwoesting** as 'n aardbewing kan saai.


Aardbewings skud die aarde al baie lank. Maar hoe word hulle veroorsaak? Die aarde kan in vier hooflae verdeel word: die soliede binnekern, die buitekern, wat uit vloeibare materiale bestaan, die **mantel** en die kors. Die kors bevat rotsagtige massas waarin **barste** of breuke kan verskyn. Wanneer so 'n breuk meteens verder skeur, veroorsaak dit 'n aardbewing.

Stres in die aarde se buitelaag druk teen die wande van 'n breuk. As gevolg daarvan gly rotse en bots hulle met mekaar, wat energie vrystel. Hierdie vrygestelde energie beweeg in golwe deur die aardkors en veroorsaak die geskud wat ons tydens 'n aardbewing ervaar.

**Ons pas**

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek

| | |
|---|---|
| **breekgoed** | vrylating |
| **vrystelling** | skade, ramp |
| **verwoesting** | 'n bedekking |
| **mantel** | skeure |
| **barste** | borde, koppies en pierings |



**Ons skryf**

Lees die gedeelte weer en skryf d antwoorde op hierdie vrae neer.


Wat is 'n aardbewing?

Waarom kan 'n aardbewing 'n ramp wees?

Hoe word 'n aardbewing veroorsaak?

Skryf die name van die vier lae van die aarde langs hierdie prent neer.






DATUM

# 110 Meer oor aardbewings

**Ons skryf** Voltooi hierdie seekatte deur selfstandige naamwoorde neer te skryf wat begin met die letters op die seekatte se tentakels.




**Die** *en* **'n** *is lidwoorde. Ons gebruik hulle voor selfstandige naamwoorde:*

**'n lemoen** *(enige lemoen)*

**die boek** *('n spesifieke boek)*

**Ons skryf** Verbind hierdie sinne. Gebruik die voegwoorde tussen hakies.

Ek dink dis 'n aardbewing. Die dakligte het begin skud. (want)

Borde, koppies en pierings begin kletter. Prente val op die vloer. (en)

Die hond kruip onder die rusbank weg. Hy is bang. (omdat)

Die huis begin skud. Ons is nie bang nie. (maar)

Die aarde is stil. Die aardbewing is verby. (en)

NUWE WOORDE

Ons skryf

Vul die korrekte woorde uit die raampies in die sinne hieronder in. Jy mag woorde meer as een maal gebruik.

saam | in | agter | tydens | gedurende | op | na

_______ die middel van die aarde is daar 'n ysterkern wat byna so warm soos die son is.

Die huis _______ die hoek het in duie gestort toe die aarde begin skud het.

Baie van die skade gebeur _______ die naskok van 'n aardbewing.

_______ die aardbewing het ek _______ die rusbank geskuil.

Sy het _______ buite gegaan om te kyk hoeveel skade daar is.

Wanneer die aardbewing begin, moet jy _______ met my kom.


Ons skryf


Verbeel jou daar was 'n aardbewing in jou provinsie. Skryf 'n poskaart aan 'n maat in 'n ander provinsie waarin jy hom of haar van die aardbewing vertel. Vertel vir hom of haar hoe jy gevoel het en wat ná die aardbewing gebeur het.

Ons doen

Soek een sirkelontwerp wat nie twee maal herhaal word nie.

Liewe





DATUM

# 111 Verskriklike tsoenami's

**Ons praat** Kyk wat ná die onlangse aardbewing en tsoenami in Japan gebeur het en gesels met jou maat daaroor.



**Ons lees**

Op Vrydagmiddag die 11de Maart 2011 was dit koel en gedeeltelik bewolk aan die noordoostelike kus van Japan se hoofeiland, 'n rustige omgewing. Om 14:46, toe die kinders ná skool huis toe begin gaan het, het die grond begin skud. Dit was **gewelddadig**, selfs volgens Japan se standaarde. Kort hierna het Japannese televisie begin waarsku van 'n golf wat wes oor die Stille Oseaan begin beweeg teen die spoed van 'n stralervliegtuig.

Die **tsoenami** het al groter geword en sy spoed het afgeneem namate hy die vlak water aan die Japannese kus bereik het. Teen die tyd dat hy land bereik het, was hy 'n gladde muur van swart water. Op plekke was hy so hoog soos 'n drieverdiepinggebou en het hy teen 80 kilometer per uur voortgestorm. Hy het treilbote omgeklap en teen brûe papgedruk. Hy het tientalle motors en vragmotors uit parkeerterreine **meegesleur**, en huise in spaanders en splinters vermorsel voordat hy 12 kilometer dieper die binneland inbeweeg het. Toe die golf deur plattelandse dorpies en deur die **kosmopolitiese** stad van Sendai gespoel het, het hy spoed verloor, maar hy was steeds so vinnig dat mense nie te voet kon **ontvlug** nie.



**Ons pas**

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.




| | |
|---|---|
| **gewelddadig** | saamgetrek |
| **tsoenami** | wêreldburgerlik |
| **meegesleur** | met geweld |
| **kosmopolities** | ontkom, wegkom |
| **ontvlug** | reusagtige golf water |












**Ons skryf**

Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.


Wanneer het die aardbewing en tsoenami Japan getref?

Wat is die verskil tussen 'n aardbewing en 'n tsoenami?

Hoe vinnig het die tsoenami beweeg?

Hoe groot was die tsoenami?

Skryf twee sinne waarin jy vertel van die skade wat veroorsaak is.



DATUM

# 112 Nog meer oor tsoenami's

Ons skryf

Lees hierdie brief wat 'n kind na die aardbewing en tsoenami in Japan aan die Japannese Eerste Minister geskryf het.

Geagte Me Julia Gillard,

My ma sê dat Eerste Ministers met ander Eerste Ministers kan praat. Kan u hierdie brief asseblief aan die Japannese Eerste Minister stuur?

Ek praat nie Japannees nie, maar ek hoop u verstaan Australies. Ek het in ons koerant 'n prentjie van 'n seun met die naam Toshihito Aisawa gesien. My ma het vir my gelees wat met hom gebeur het, en dat hy sy ouers in die tsoenami verloor het.

Ken u hierdie seun? Is daar iets wat hy baie graag eet en drink? Is daar 'n T-hemp waarvan hy baie hou? As hy nie een het nie, kan hy een van myne leen. As hy nie sy ouers kan kry nie, kan hy by my familie kom woon. Hy kan met my speelgoed speel en saam met my skool toe gaan. Sal Toshihito graag by ons wil kom woon?

Ashwin Cresswell

Ons skryf

Voltooi hierdie woordkettings deur een letter op 'n slag van die woorde links te verander totdat jy die woorde regs kry. Wanneer jy die letters verander, moet jy regte woorde maak.

Verander **kat** in drie skuiwe in **rog**.

| | | | |
|---|---|---|---|
| kat | | | rog |

Verander **sit** in drie skuiwe in **ram**.

| | | | |
|---|---|---|---|
| sit | | | ram |

Verander **gom** in drie skuiwe in **rok**.

| | | | |
|---|---|---|---|
| gom | | | rok |

**Antwoorde:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| kat | rat | rot | rog |
| sit | sat | rat | ram |
| gom | som | sok | rok |

**Ons skryf** Verbeel jou nou dat jy Toshihito Aisawa is. Skryf vir Ashwin 'n brief.

In paragraaf 1 bedank jy hom vir sy brief.

In paragraaf 2 vertel jy hom wat in die tsoenami met jou gebeur het.

In paragraaf 3 sê sy wat jy graag wil doen, en waarom.

Skryf jou adres hier.

Skryf die datum hier.

Skryf hier 'n geskikte groet of aanhef.


Skryf die slot hier.

Skryf jou naam hier.

Teacher:

Sign:

Date:



# Aktiwiteite by die skool






# 8






DATUM

# 113 Die skool se nuusbrief



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.




- Het jou skool 'n nuusbrief?
- Wie lees die nuusbrief?
- Indien julle nie 'n nuusbrief het nie, sou jy graag een wil hê? Sê waarom.



Ons lees

# Mooidorp-laerskool

## OMSENDBRIEF VAN DIE PRINSIPAAL

**Die week se gebeure**
11 en 12 Oktober – Reisende boekwinkel
12 Oktober – Ouer-onderwyser-vergadering
16 Oktober – Dieretuin-pretdraf
20 Oktober – Rekenaarklasse
27 Oktober – Kunsuitstalling om 18:30
9 November – Konsert by Musieksentrum

**Welkom terug**
Welkom terug van julle kort vakansie. Die einde van die jaar kom vinnig nader. Graad 5-leerders sal hul eindeksamen in November skryf. Leerders moet hul studie aanpak en 'n **doenbare** studierooster uitwerk. Hulle moet daarop begin **fokus** om goeie resultate te **behaal**.

**Reisende boekwinkel**
Die boekwinkel sal die skool op Dinsdag die 11de Oktober van 10:00 tot 16:00 en op Woensdag die 12de Oktober van 08:00 tot 14:30 besoek. Kom ondersteun dit asseblief.

**Skooltoere**
Skooltoere sal aan die einde van die jaar plaasvind, maar hulle is nie **verpligtend** nie. Kinders sal slegs toegelaat word om aan skooltoere deel te neem indien die skoolgeld ten volle betaal is.

**Klerehangers**
Ons het 480 klerehangers vir ons konsertpakkamer aangekoop. Dit is egter nog nie genoeg nie. Indien elke leerder 'n klerehanger van hout of plastiek kan **skenk**, sou dit baie waardeer word.

**Kunsuitstalling**
27 Oktober 18:30 vir 19:00. Uitnodigings is verlede week uitgestuur. RSVP asseblief teen Vrydag. Dit is slegs vir volwassenes, aangesien kinders in die bed behoort te wees.

**Konsert by die Musieksentrum**
Moenie hierdie pret-vir-almal-konsert misloop nie. Verskillende soorte musiek gaan aangebied word, van klassieke musiek tot hip-hop. Onthou 9 November om 19:00! Geniet worsbroodjies, frikkadelbroodjies en skyfies, asook vrugteslaai en roomys voor die konsert.
Toegangsgeld: R50,00 per persoon

**Rekenaarklasse**
Rekenaarklasse begin op 12 Oktober om 14:30 in die nuwe rekenaarlaboratorium. Kinders moet hul middagete asseblief klaar eet voordat hulle die rekenaarklaskamer binnegaan.

**Wagarea**
Enige kind wat buite die wagarea aangetref word, sal onmiddellik met detensie gestraf word.

**Nasorg**
Kinders wat die nasorgarea verlaat, moet die nasorghemp aanhê.




**Ons pas** Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **omsendbrief** | hanteerbare |
| **doenbare** | gedwonge |
| **fokus** | gee |
| **behaal** | konsentreer |
| **verpligtend** | bekom |
| **skenk** | nuusbrief |

**Ons skryf** Lees die nuusbrief weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Vir wie is hierdie nuusbrief geskryf? Met ander woorde, wie gaan dit lees?

Skryf die hoofgedagtes van die nuusbrief neer.

Sê nou hoe jy weet dat dit die hoofgedagtes of die hoofonderwerpe is.


Soek die volgende inligting:

- die datum van die kunsuitstalling
- die kos wat by die konsert bedien gaan word
- die dae waarop die boekwinkel die skool sal besoek

Wat moet leerders doen om in die eksamen te slaag?

Dink jy hierdie skool het baie naskoolse aktiwiteite?
Sê waarom jy so dink.

Wat dink jy is 'n reisende boekwinkel? Sou jy boeke van hulle leen of koop? Sê waarom.



114

# Buitemuurse aktiwiteite

DATUM




**Ons skryf** Voltooi hierdie sinne deur die regte bywoord of bywoordelike frase van tyd by te voeg.

binnekort | eersdaags | vandag | nou | om twaalfuur

Ek sal ________ na die kunsuitstalling gaan. Môre sal ek na die reisende boekwinkel toe gaan.

Dit is 11:50. Die reisende boekwinkel kom ________ na die skool toe.

Ek hoop julle het hard gewerk. Die eksamen begin ________,

Al die kinders wat die skooltoer meemaak, moet asseblief na die bus toe gaan. Die bus vertrek ________. Sal almal wat na die dieretuin toe gaan, asseblief ________ by die skoolsaal byeenkom.

**Ons skryf** Kyk na die volgende moontlike probleme en skryf oplossings daarvoor neer.

| Probleem | Oplossing |
|---|---|
| Dawid se ma is 'n enkelouer en kan dit nie bekostig om skoolgeld te betaal nie. Daarom kan hy nie die skooltoer meemaak nie. | |
| Die kunsuitstalling is net vir volwassenes. Zondi se ma sou graag wil gaan, maar sy wil nie vir Zondi saans alleen tuis laat nie. | |
| Melinda wil graag goed vaar in die eksamen, maar sy moet haar drie sussies oppas. | |
| Gilly wil na die musiekkonsert gaan, maar sy het nie R50,00 nie. | |
| Paul se ma wil die ouer-onderwyser-vergadering bywoon, maar sy wil nie saans alleen ry nie. | |

NUWE WOORDE

**Ons skryf**

Vul hierdie vraelys in deur 5 maats te vra om die vrae te beantwoord. Skryf hul antwoorde op die vraelys neer.

- Behoort ouers skoolgeld te betaal?
- Behoort kinders toegelaat te word om die kunsuitstalling by te woon?
- Is die toegangsgeld vir die konsert te veel?
- Behoort skole te besluit hoe laat leerders bed toe behoort te gaan?
- Behoort al die kinders aan die pretdraf deel te neem?

Antwoord ja of nee op elk van die volgende:

| | Alle ouers behoort skoolgeld te betaal. | Kinders behoort toegelaat te word om die kunsuitstalling by te woon. | Die kaartjies vir die musiek-konsert is te duur. | Die skool behoort te kan kan sê hoe laat leerders moet gaan slaap. | Al die kinders behoort aan die pretdraf deel te neem. |
|---|---|---|---|---|---|
| Maat 1 | | | | | |
| Maat 2 | | | | | |
| Maat 3 | | | | | |
| Maat 4 | | | | | |
| Maat 5 | | | | | |
| Totaal | | | | | |

**Ons skryf**

Skryf 'n sin vir 5 van jou maats se antwoorde. Maak seker dat jou sinne al die vrae dek.



DATUM

# 115 Ons werk met rekenaars



## Ons skryf

Lees Pemba se e-pos hieronder. Dit bevat baie foute. Kyk of jy hulle kan opspoor en kan korrigeer. Maak jou korreksies in die kantlyn.



Aan: janice@biblioteek.com; jabu@biblioteek.com; anasti@biblioteek.com

Van: pemba@shongololo.com 20 Oktober 15:30

Liewe Janice, Jabu and Anasti

Ek het pas met rekenaarklasse begin en ek is nog baie stadeg. Maar ek is so opgwonde om die rekenar te leer gebruik.

Daar is baie extra klasse by ons skool. Ons is baie gelukig. Ek weet nie hoe jule voel nie, maar ek kan elke dag by die skool bly om dinge te doen.

Wel, dis byna die ende van die jaar, en ek het ’n studieroster opgestel. Ek wil goed var in die eksamin. My ma werk, darom is my skooldag baie lank. Ek begin omn 07:00 en my ma kom my om 16:30 haal. Ek prbeer om smiddae na my aktiwiteite te studeer.

Maandag, by die saalbyeenkoms, het die skoolhof die name uitgelees van kinners wat die wagarea verlaat het, en my naam is uitgelees. Ek weet nie hoekom my ma my nie gese het dat ek dar vir har moes wag nie. Ek dink nie dis regverdig nie.

Ek het ook in die moelikheid beland omdat ek vergeet het om my nasorg-hemp aan te trek.

Gdurende ons eerste pouse vandag het ek die wonnerlikste boek gelees. Ek sal julle volgende keer daarvan vertel.

Ek moet weer die buitemuurse aktiwiteite doen om te beslyt wat ek volgende jaar wil doen. Kan julle glo die jaar is amper verby?

Julle werk seker almal hard om in die eksamen te slaag.

Ek hoop dat ek julle binnekort sal sien. Dalk kan julle vir my ’n e-pos stier? Dit sal baie lekker wees om van julle te hoor.

Liefde

Pemba

Stuur

**Ons skryf**

Lees die e-pos weer en skryf dan antwoorde op die volgende vrae neer.

| | |
|---|---|
| Wie het die e-pos gestuur? | |
| Wat is sy e-posadres? | ______@______________ |
| Aan wie is sy e-pos gerig? | |
| Op watter datum het hy sy e-pos gestuur? | |
| Hoe laat het hy sy e-pos gestuur? | |
| Hoe laat kom hy soggens by die skool aan? | |
| Hoe laat gaan hy smiddae huis toe? | |
| Waarom dink jy moet hy 'n spesiale hemp dra wanneer hy nasorg toe gaan? | |
| Dink jy dis regverdig dat hy detensie moet sit? Sê waarom. | |

**Ons skryf**

Skryf 'n e-pos aan Pemba om jou skooldag vir hom te beskryf.

| |
|---|
| Vul sy e-posadres hier in. |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Teacher:

Sign:

Date:

DATUM

# 116 Lekker tye by die skool

**Ons skryf** Hierdie sin is deurmekaar. Maak dit reg.

ek die rekenaarklas het 'n gegaan tamatiebroodjie gerooster na het en geëet voordat ek

In watter tyd is die sin geskryf – verlede tyd, teenwoordige tyd of toekomende tyd?

Skryf die sin nou in die ander twee tye oor.

**Ons skryf**

Jy en drie van jou maats probeer raai wat elkeen vir middagete saamgebring het. Beskryf jou middagete op so 'n manier dat jou maats kan raai wat jy saamgebring het. Begin jou sinne met "Ek het" of "Ek is". Skryf vier sinne.



Voorbeeld:

| |
|---|
| Ek is geel en ek het 'n groot pit in die middel. Wat is ek? |
| *Ek is 'n perske.* |
| Ek het iets wat rond en hard is, en wat geel en wit aan die binnekant is. Wat het ek? |
| *Ek het 'n hardgekookte eier.* |
| V |
| A. |

| |
|---|
| V |
| A. |
| V. |
| A. |
| V. |
| A. |
| |
| |

NUWE WOORDE



## Ons skryf

Skryf twee sinne oor wat jy gister gedoen het. Onderstreep die werkwoorde in die verlede tyd in blou.

Skryf twee sinne oor wat jy nou doen. Onderstreep die werkwoorde in die teenwoordige tyd in rooi.

Skryf twee sinne oor jou planne vir die skoolvakansie. Onderstreep die werkwoorde in die toekomende tyd in groen.

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

# 117 ’n Storie van vriendskap




**Ons praat** Kyk na die boekomslae en gesels met jou maat daaroor.

- Watter soort boeke lees jy graag?
- Koop jy boeke of neem jy boeke by jou plaaslike biblioteek uit?
- Het jou skool ’n biblioteek?
- Indien jou skool nie ’n biblioteek het nie, dink jy hy behoort een te hê? Sê waarom.

**Ons lees** Lees hierdie aangepaste gedeelte uit ’n storie deur Evangeline Mansookram.

## In die nood leer ’n mens jou vriende ken

Sonnige dae op die strand, somerkampe en **opwindende** aande by die fliek – dis hoe ons vriendskap gelyk het. Kasturi Johnson was my beste maat. Ons was van Graad R af maats. Nou was ons in Graad 5. Ek het geen idee gehad dat ons lewens binnekort so **drasties** en **tragies** sou verander nie.

Eendag gedurende pouse sê Kasturi vir my dat sy swak voel en moet gaan sit. Toe dit al meer **dikwels** begin gebeur, het haar ma haar dokter toe geneem.

"Ek hoop daar's nie fout nie," het ek vir myself gefluister die dag toe sy hospitaal toe is. Ek het haar ma gebel, en sy was baie bekommerd. Kasturi is in die hospitaal gehou vir toetse.




Daardie nag kon ek nie slaap nie. Ek het rondgerol en gewoel, en kon nie ophou om aan Kasturi te dink nie. Teen dagbreek was ek bly die nag was verby. Ek was **gretig** om uit te vind hoe dit met haar gaan.

’n Paar dae later het Kasturi teruggekom skool toe. Ek was so opgewonde om haar te sien. Sy was altyd baie aktief en vol pret. Maar nou het sy niks geëet nie en geen speletjies gespeel nie. Sy het verander.

Vyf dae lank het die dokters vir die uitslae gewag. Toe het hulle die Johnsons gevra om hospitaal toe te kom om die uitslae te hoor. Rusteloos het Kasturi se ma en pa in die wagkamer op en af gestap. Uiteindelik het die dokter hulle ingeroep. **Huiwerig** het die dokter begin praat.





**Ons skryf** Lees die gedeelte weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.


Watter soort vriendskap het Evangeline met haar maat gehad?

Hoe lank was hulle al maats?

Watter woord in die eerste paragraaf sê vir ons dat dit ’n hartseer storie is hierdie?

Hoe het Kasturi verander?

Watter woorde in die laaste paragraaf sê vir ons dat die Johnsons bekommerd was oor wat die dokter hulle sou vertel?



DATUM

# 118 Kom ons kyk na taal







## Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **opwindende** | baie hartseer |
| **drasties** | onseker |
| **tragies** | vol opgewondenheid |
| **dikwels** | begerig; met geesdrif |
| **gretig** | ingrypend; aansienlik |
| **huiwerig** | baie |



## Ons skryf

Kies die korrekte bywoorde van wyse uit die raampies en vul hulle in die sinne hieronder in.

stadig | angstig | uitstekend | drasties | grasieus

My maat beweeg ______. 'n Mens kan sien sy is 'n balletdanseres.

Hy speel ______ tennis.

Sy het ______ gaan sit want sy het duiselig gevoel.

Hul lewens sou ______ verander.

Hulle het ______ vir die resultate gewag.

*'n Bywoord van wyse sê vir ons hoe iets gedoen word.*



Gebruik hierdie bywoorde van wyse nou in jou eie sinne.

kalm | veilig | onseker | pragtig | duidelik

1 ______

2 ______

| | |
|---|---|
| 3 | |
| | |
| 4 | |
| | |
| 5 | |
| | |

**Nuwe woorde**

**Ons skryf**

Onderstreep die werkwoord in elk van hierdie sinne en omkring dan die bywoorde wat hulle beskryf.
Skryf dan of die bywoord **hoe, wanneer** of **waar** beskryf.

| | |
|---|---|
| Sy het vroeg opgestaan om betyds by die skool te kom. | |
| Hy werk hard sodat hy in sy eksamen kan slaag. | |
| Die voëltjie het hoog in die boom gesit. | |
| Kirsten het haar appel stadig gekou. | |

**Ons skryf**

Voorsien hierdie sinne van leestekens.

| |
|---|
| ons lang heerlike vakansie is verby |
| ons het baie naskoolse aktiwiteite het julle |
| aan watter aktiwiteite sou jy graag wil deelneem |
| help my ma het my laat skool toe gebring nou gaan ek gestraf word |
| hoe wonderlik ons kan nou twee boeke by die biblioteek uitneem |

**Vir die pret**

Sê hierdie tongknopers so vinnig as wat jy kan.

My liewe neef Louw, my neus jeuk nou.
jeuk my liewe neef Louw se neus ook nou?

Sannie sê sy sleep sewe sakke sout,
sewe sakke sout sê Sannie sy sleep swaar.


Bettie Bettie babbel bekkie babbel al te baie!

Wie weet waar Willie Wouter woon?
Willie Wouter woon waar die weste winde waai!

Teacher:
Sign:
Date:

DATUM

# 'n Interessante atlas



Ons lees

**Atlasse vir almal**

As jy net twee boeke kon koop terwyl jy op skool is, behoort die *Shosholoza-wêreldatlas* een van hulle te wees.

Die eerste paar bladsye bevat **inligting** oor die wêreld. Daar is inligting oor die ruimte, die seisoene, die redes vir dag en nag – alles wat 'n mens nodig het wanneer jy dinge nie altyd mooi kan onthou nie!

Daar is 'n opsomming van Suid-Afrika se geskiedenis, van die vroegste tyd tot vandag. Daar is ook kaarte en inligting oor **klimaat**, **omgewingsprobleme** en baie ander onderwerpe.

Wat die *Shosholoza-wêreldatlas* anders maak, is dat twee derdes van die atlas oor Afrika handel. Dit is wonderlik vir ons wat in Afrika woon. Dit raak net 'n probleem wanneer 'n mens iets oor ander dele van die wêreld wil uitvind. Daar is net een bladsy elk oor Europa, Asië, die Amerikas en Australië.

Die *Shosholoza-wêreldatlas* kos net R150,00 – 'n winskoop!



Die gedeelte oor omgewingskwessies bevat ook interessante inligting, en bied dit met behulp van prente en kaarte aan.

Dit dek probleme soos die verdunning van die osoonlaag, die voorkoms van suurreën, en die **bedreiging** van bepaalde plant- en dierespesies. Daar is ook interessante inligting oor **alternatiewe** energiebronne.

Ek het net een probleem met hierdie boek. Dit bevat nie baie inligting oor enige van die onderwerpe nie. Dit is egter 'n baie nuttige boek vir skoolbiblioteke. Dit kan ook vir projekwerk, toesprake en groepaktiwiteite gebruik word.



Ons pas

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **inligting** | weerpatroon |
| **klimaat** | probleme in ons omgewing |
| **omgewingsprobleme** | blootstelling aan gevaar |
| **bedreiging** | ander; plaasvervangende |
| **alternatiewe** | besonderhede; data |

NUWE WOORDE

**Ons skryf** Lees die boekresensie weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

| |
|---|
| Op watter kontinent fokus die atlas? |
| |
| Wat dink jy bevat die eerste paar bladsye van die atlas? |
| |
| Waarom sou 'n mens hierdie atlas interessant vind? |
| |
| Wat is volgens die resensent 'n nadeel van die atlas? |
| |
| Watter onderwerpe word in die atlas gedek? |
| |
| |
| |

**Ons skryf** Kies woorde uit die raampies om in die sinne hieronder in te vul.

gedurende | na | op | met | in

Wat is ______ die omslag van die boek?


Al die plante, diere en mense ______ 'n ekosisteem hou met mekaar verband.

Kom ons stap ______ die heuwel toe.

Dit reën gewoonlik ______ die winter in die Kaap.

Sal jy saam ______ my biblioteek toe kom?





# 120 Om wakker te word in die land van die vet, ronde son



**Ons lees** Vandag lees ons 'n resensie van 'n Engelse boek.

*The man who snarled at flowers* (die man wat blomme toegesnou het) deur Tony Spencer-Smith


Hierdie boek het die M-Net-prys vir die beste Suid-Afrikaanse boek in Engels verower.

*The man who snarled at flowers* is 'n vreemde boek. Dit neem ons saam met Mark Wellesley na 'n vreemde planeet. Mark word wakker en besef dat hy deur vreemde plante en diere omring word. 'n Enorme geel son hang in die lug net bo hom. Sproing, 'n boomspringer, vertel vir Mark dat hy uitgekies is. Maar hy wil nie sê waarvoor nie.

Mark vind uit dat dit sy missie is om die Land van die Vet, Ronde Son te bevry. Hy moet dit bevry van die bose magte van die Towenaar, wat die Land van die Vet, Ronde Son besoedel.

Dit is 'n verhaal van die stryd tussen goed en kwaad. Maar dit is nog veel meer. Dit is ook die verhaal van die redding van 'n planeet wat besig is om te sterf as gevolg van besoedeling.

Dit is 'n baie opwindende boek wat 'n mens nie kan neersit nie.



**Ons skryf** Skryf nou oor 'n boek wat jy geniet het. Vul die inligting van die omslag hieronder in.

| | |
|---|---|
| Titel | Skryf 3 sinne oor waaroor die boek gehandel het. |
| | |
| | |
| | |
| Outeur | Skryf 2 sinne waarin jy sê waarom jy dink iemand hierdie boek behoort te lees. |
| | |
| | |

## Ons doen

Teken nou die omslag van die boek wat jy geresenseer het.



## Ons skryf

Omkring die korrekte woorde.

| |
|---|
| Hierdie boek gaan/handel oor 'n jong seun wat hom in 'n vreemde wêreld bevind/vind. |
| *Die kinders is op/met vakansie.* |
| *Sy hardloop weg van/ontduik haar verpligtinge.* |
| Dit was 'n baie interessante dag, en ek het dit/myself geniet. |
| Ek kan nie sonder my selfoon klaarkom/doen nie. |
| Hy staan/blink uit in sy klas. |
| Die skoolsaal was stampvol/gepak. |
| Sy dien al lank in/op die komitee. |

## Vir die pret

Hier is 'n lekker masker wat jy kan maak. Teken dit op 'n ander stuk papier oor. Knip dit uit en kleur dit in. Gebruik dit om jou maats en familielede mee skrik te maak.




Teacher:
Sign:
Date:

# 121 Kom ons maak musiek

DATUM

**Ons praat**

Kyk na die prent van verskillende musiekinstrumente en verskillende soorte musiek en gesels met jou maat daaroor.

- Na watter musiek luister jy?
- Speel jy 'n musiekinstrument? Vertel die klas daarvan: waarom jy dit gekies het, hoe lank jy oefen, waar jy klasse bywoon.
- Indien jy nie 'n instrument speel nie, sou jy dit graag wil doen? Indien wel, watter instrument sou jy graag wil speel en waarom?




**Ons lees**

Tami wil graag by die gemeenskapsentrum gaan speel, maar sy is **senuweeagtig**. Sy dink die musiek sal vir haar te moeilik wees. Die eerste dag is sy so bang dat sy amper nie haar instrument kan stem nie. Die enigste orkes waarin sy ooit gespeel het, was die skoolorkes. Maar na 'n paar **repetisies** speel sy gemaklik saam met die ander lede van die orkes. Sy besef dat daar geen rede is om senuweeagtig te wees nie, en sy begin dit geniet.

By die repetisies raak Tami bevriend met Vusi, wat langs haar sit. Vusi is altyd baie **hulpvaardig**. Tami is nie skaam om hom vrae oor musiek te vra nie. Vusi se ouers is ook musikante. Hulle het Vusi musiek begin leer toe hy maar vyf jaar oud was. Tami kan amper nie dink hoe so 'n jong kind viool sou kan speel nie. Vusi vertel haar dat baie beroemde musikante begin speel het toe hulle baie jonk was.



Nog 'n lid van die orkes met wie Tami maats maak, is Marie. Marie speel die klarinet. Na repetisies vertel Marie haar altyd snaakse stories. Sy vertel vir Tami dat, toe sy die klarinet begin speel het, sy sulke snaakse piepgeluide gemaak het dat sy die bynaam Piepie Langkous gekry het. Dit was baie lank gelede. Nou kan Marie pragtige klarinet speel. Soms laat sy haar klarinet piep net om Tami te laat lag. Al is Marie ouer as Tami, word hulle goed bevriend.

Die orkes oefen hard vir die lentekonsert. Tami hou van al die komponiste, maar Mozart is haar gunsteling. Party van haar maats by die skool kan nie verstaan waarom sy van Mozart hou nie. Maar hulle het belowe om in elk geval die lentekonsert by te woon. Tami sien uit na die konsert en sy hoop dat dit nie op die aand van die konsert sal reën nie.

Op die aand van die konsert is Tami baie opgewonde. Sy het nog nooit tevore vir so 'n groot gehoor gespeel nie. Vusi en Marie **verseker** haar albei dat sy dit baie gaan geniet. Die dirigent, wat gewoonlik so kalm is, kom senuweeagtig voor. Tami is nogal verbaas, want hy het reeds in al die groot stede van die wêreld opgetree. Na afloop van die **opvoering** bedank hy die lede van die orkes vir hul prestasie.

**Ons pas** Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.



| | |
|---|---|
| **senuweeagtig** | gretig om te help |
| **repetisies** | bekommerd; angstig |
| **hulpvaardig** | vertoning; konsert |
| **verseker** | oefensessies |
| **opvoering** | die versekering gee |



**Ons skryf** Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

**Watter groep woorde beskryf Tami aan die begin van die gedeelte die beste?**

A gretig om nuwe maats te maak
B bang dat sy nie sou slaag nie
C opgewonde om nuwe dinge te probeer
D sonder enige belangstelling in musiek

**Vergeleke met Marie is Tami**

A groter
B verstandiger
C vinniger
D jonger

**Watter woord beskryf Marie die beste?**

A terneergedruk
B snaaks
C stout
D hardwerkend

**Waarom wil Tami nie hê dit moet reën nie?**

A Tami kan nie in die reën na die konsert toe loop nie.
B Die konsert handel oor die lente.
C Tami se maats hou nie van die reën nie.
D Die konsert gaan buite gehou word.

**Watter woord uit die gedeelte is 'n saamgestelde woord?**

A orkes
B repetisie
C dirigent
D hulpvaardig

**Waarom gaan Tami se vriende die konsert bywoon?**

A Hulle geniet klassieke musiek.
B Hulle wil haar ondersteun.
C Hulle wil leer viool speel.
D Hulle wil nuwe maats maak.

**Wat sal waarskynlik verder met Tami gebeur?**

A Tami sal in meer konserte optree.
B Tami en Vusi sal ophou om maats te wees.
C Tami sal 'n dirigent word..
D Tami en Marie sal hul eie orkes begin.

Teacher:
Sign:
Date:

# 122 Taalkwessies

DATUM

**Ons skryf**

Onderstreep die hoofgedagte in elke paragraaf van die gedeelte in die vorige werkkaart. Skryf nou 'n opsomming van die gedeelte. Volg hierdie stappe:

Gee jou opsomming 'n opskrif.

Skryf vir jou paragraaf 'n inleidende sin.

Gebruik die hoofgedagtes wat jy onderstreep het om jou paragraaf te voltooi.

**Ons skryf**

Skryf hierdie sinne in die toekomende tyd oor.

Wanneer die orkes repeteer, herhaal ons dele van die musiek.

Na elke repetisie gaan ons saam koffie drink.

Hy is nie skaam nie; hy speel enige plek.

My maats het in die koerant van die konsert gelees.

Ek en Marie het altyd in dieselfde dinge belanggestel.

**Ons skryf** Korrigeer hierdie sinne. Skryf langs elke vetgedrukte woord 'n voornaamwoord.

Tami het 'n nuwe viool gekoop. **Tami** ______ het die viool met **Tami** ______ saamgeneem waar **Tami** ______ ook al gegaan het. **Tami** ______ was so in haar skik met **Tami** ______ se nuwe viool dat **Tami** ______ die viool selfs saam met **Tami** bed toe geneem het.

**Marie** ______ het vir **Marie** ______ nuwe klere vir die konsert gekoop. **Marie** ______ het **Marie** ______ se ou klere aan **Marie** ______ se suster gegee. Maar **Marie** ______ se suster wou nie **Marie** ______ se ou klere hê nie en het die ou klere weggegee.

**Tami** ______ se maats het die konsert bygewoon. **Tami** ______ se maats wou **Tami** ______ ondersteun. **Tami** ______ se maats het nie regtig van klassieke musiek gehou nie. **Tami** ______ se maats het hip-hop verkies.

*Wie ek? Nee, hy! Nie jy, sy hy of dit nie.*

*Ons gebruik voornaamwoorde in die plek van selfstandige naamwoorde. Hulle help ons om ons gesprekke en die stukke wat ons skryf, te laat vloei. Voorbeeld: Tami het viool gespeel. Tami het baie geoefen.*

*Tami het viool gespeel. Sy het baie geoefen.*

**Vir die pret** Terwyl Tami in die lentekonsert gespeel het, was daar 'n kragonderbreking. Die rede daarvoor was dat mense te veel elektrisiteit gebruik het.

Maak 'n lys van al die dinge wat jy in jou huis sou kan afskakel om elektrisiteit te bespaar sodat die konsert kan voortgaan.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

Skryf nou 'n paragraaf waarin jy sê waarom dit belangrik is om elektrisiteit te bespaar.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |



# 123 Die kunskompetisie

DATUM

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels met jou maat daaroor.



- Het julle kunsklasse by die skool?
- Indien nie, sou jy graag kunsklasse wil hê?
- Indien julle wel kuns neem, wat teken jy graag? Vertel die klas daarvan.

**Ons lees**

## Ons roep alle jong kunstenaars!

Hier is jou kans om jou **talent** te bewys. Skryf in vir die Mooidorp-laerskool se skoolkunskompetisie. Jy kan fantastiese pryse wen – groot geldpryse, boeke oor beroemde kunstenaars, en die kans om **beroemde** Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Jackson Hlongwane en Noria Mabasa te ontmoet. Jy sou selfs gevra kan word om jou kunswerke in 'n beroemde galery **ten toon te stel**!

Onderwysers, dit is julle kans om jul studente se kunswerke in 'n galery te sien hang en om 'n beeldhouwerk deur Noria Mabasa te wen.

Indien jy tussen 12 en 14 jaar oud is, moet jy twee kunswerke voorlê.

Indien jy tussen 9 en 11 is, moet jy een kunswerk voorlê.

Jy kan enigiets teken, skilder of beeldhou, maar dit moet jou eie werk wees. Enige kunswerk wat gekopieer word, sal **gediskwalifiseer** word.

Die wenners in albei ouderdomsgroepe sal die volgende pryse wen:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1ste prys | R1 000 | 2de prys | R750 | 3de prys | R500 |

Daar sal ook boekpryse oor beroemde kunstenaars wees, en tien **naaswenners** sal pryse ter waarde van R100 elk ontvang.

Vir die onderwyser wat die meeste inskrywings instuur, sal daar 'n verrassingsprys wees.

Die sluitingsdatum is 30 November. Die wenners sal by die laaste saalbyeenkoms aangekondig word.

Raak dus dadelik besig! Begin dink en kreatief raak. Wanneer jy jou kunswerk voltooi het, lewer dit by jou onderwyser in. Hy of sy sal vir jou 'n vorm gee om in te vul.

NUWE WOORDE

**Ons pas**

Kies die betekenisse regs wat pas by die vetgedrukte woorde links. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| | |
|---|---|
| **talent** | uitstal; vertoon |
| **beroemde** | inlewer; indien |
| **ten toon stel** | inskrywings wat byna gewen het |
| **voorlê** | verban; verbied |
| **gediskwalifiseer** | baie bekende |
| **naaswenners** | vermoë; gawe |





**Ons skryf**

Lees die advertensie weer en skryf dan antwoorde op hierdie vrae neer.

Watter kompetisie word gehou?

Wie kan vir die kompetisie inskryf?

Watter pryse kan gewen word?

Wanneer sal die resultate aangekondig word?

Indien jy 'n onderwyser was, sou jy jou leerders probeer motiveer het om kunswerke in te lewer? Sê waarom.

Wat moet jy doen wanneer jy jou kunswerk inlewer?





# 124 Meer oor die kompetisie

**DATUM**

**Ons skryf** Stel jou voor dat jy twee kunswerke vir die kunskompetisie geskep het.

Vul hierdie inskrywingsvorm in om saam met die kunswerke in te lewer.
Jy mag die inligting opmaak.

Naam ____________________________________________

Klas: ______________________ Geboortedatum: ______________________

Beskrywing van kunswerke:

1 ____________________________________________


____________________________________________

2 ____________________________________________

____________________________________________

**Ons skryf** Verbeel jou dat jy jou vir die kompetisie ingeskryf het en R1 000 gewen het. Skryf 'n paragraaf waarin jy sê wat jy met die geld gaan maak.







**Ons skryf** Voltooi hierdie sinne met **kan, moet** of **mag**

Ek ______ my kunswerk betyds inlewer.

Ek ______ by my maat gaan kuier terwyl my ma by die kunsuitstalling is,

Ek ______ by die huis bly.


Ek ______ die kunskompetisie waarvoor ek ingeskryf het, wen.



Ons ______ elkeen net twee kunswerke inlewer.

______ ons nou vertrek? Dit ______ seker al tyd wees!

**Vir die pret** Soek die pad na die skildery.



DATUM

# 125 Kunsklasse

**Ons praat** Kyk na die plakkaat en gesels met jou maat daaroor.

Kuns vir Almal-ateljee KUNSKLASSE

**Nuwe sessies REGISTREER NOU!**

***BESTE KUNSKLASSE IN JOHANNESBURG***



- Teken & Skilder
- Keramiek & Beeldhouwerk
- Gemengde media

Bel Mev Skilda vir nadere besonderhede

Slegs R400,00 per maand!

**MOOIDORP-LAERSKOOL, LANGSTRAAT 4, WORMERY. 011 222 333 444**

- Het jy al ooit kunsklasse geneem?
- Hou jy daarvan om kuns te beoefen?
- Watter soort kuns geniet jy die meeste?

## Ons skryf

Skryf antwoorde op hierdie vrae neer.

Waar word die kunsklasse gehou?

Wie bied die klasse aan?

Vir wie word die klasse aangebied?

Watter verskillende kunsvorme kan ’n mens daar leer?

Wie moet ’n mens bel vir nadere besonderhede?

Dink jy die klasse is duur of nie? Sê waarom.

Dink jy dit is ’n goeie plakkaat hierdie? Sê waarom.

’n Plakkaat moet die volgende doen:

- inligting vinnig en doeltreffend oordra
- aantreklik genoeg wees om die aandag van jou teikengehoor te trek
- mense oortuig dat die dinge wat jy sê, waar is
- kleur doeltreffend gebruik
- eenvoudig wees en maklik om te lees



## Ons skryf

Kies woorde uit die raampies om die sinne hieronder te voltooi. Jy mag enige van die woorde meer as een keer gebruik.

te | baie | byna

Die water was ______ koud, maar ons kon die kwaste darem skoon kry.

Ek is ______ klaar met my tekening en sal dit binnekort kan inlewer.

Ek is ______ moeg om vanaand uit te gaan, want ek het hard gewerk.

Die skildery was ______ mooi.

Dit is ______ tyd vir die aankondiging van die resultate.

Dit is net ______ erg! Ek gaan nie meer deelneem nie.



# 126 Kunswerk

DATUM



Ons doen

Mev Skilda het hierdie e-pos na Sasha gestuur. Volg die instruksies.

| | |
|---|---|
| Aan | sasha@shongo.com |
| Van: | 'Patty Painta' <patpa@shongo.com> 20 Oktober 15:30 |

Hallo Sasha

Ek het al die skilderye wat ek vir die kunsuitstalling ontvang het, begin ophang. Een van die skilderye het egter verdwyn. Ek weet presies hoe dit gelyk het, en ek wil jou vra om dit vir my te reproduseer. Sal jy die volgende instruksies asseblief noukeurig volg?

a. Teken 'n reghoekige raam van 21 cm by 21 cm. Kleur die raam bruin in.

b. Verdeel die reghoek in die lengte in drie dele. Gebruik 'n HB-potlood om strepe dwars oor die oppervlak te trek. Die strepe moet golwend wees, nie reguit nie.

c. Die boonste gedeelte is die lug, die middelste gedeelte die see en die onderste gedeelte die strand. Kleur die boonste gedeelte blou in. Voeg twee vet, ronde wolke aan die linkerkant in. Kleur die middelste gedeelte blougroen in, en die onderste gedeelte liggeel.

d. Teken twee skulpe aan die regterkant van die strand met 'n emmer en grafie langs die skulpe.

Baie dankie dat jy my help. Ek waardeer dit baie.

Beste groete

Patty Painta

**Ons skryf**

Skryf 'n e-pos aan mev Skilda waarin jy haar sê wanneer die skildery klaar sal wees, wanneer sy dit sal kan kom haal, en waar sy jou kan ontmoet.

Onthou om die onderwerp in te vul.

**NUWE WOORDE**

Van: sasha@shongo.com

Aan: patpa@shongo.com

Van: ______________________

Liewe mev Skilda

**Ons doen**

Maak 'n plakkaat vir die kunsuitstalling wat by die Mooidorp-laerskool gehou gaan word. Maak seker dat jou plakkaat eenvoudig, duidelik, aantreklik, kleurvol en oorredend is.

Teacher:

Sign:

Date:


127 & 128

# Maak jou eie boek

DATUM

**Ons skryf**

Jy gaan nou 'n storie skryf. Dink aan waaroor jy sal kan skryf. Vul jou idees dan op hierdie bladsy in.



## My storiebeplanner

| | |
|---|---|
| Die karakters en die agtergrond | Wie is in jou storie? |
| | Waar speel die storie hom af? |
| | Wanneer speel die storie hom af? |
| Die begin | Wat gebeur aan die begin van die storie? |
| Die middel | Wat gebeur in die middel van die storie? |
| Die einde | Hoe eindig die storie? |





Maak jou eie boek. Knip die volgende bladsye van hierdie boek uit. Vou die bladsye op die stippellyne. Skryf die titel van die boek op die omslag. Skryf jou naam onder die titel, want jy is die skrywer. Teken 'n prent op die omslag. Skryf jou storie nou in die boek in.

Agterblad

OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom



Waar jy woon

8

Step 2: Fold on the dotted line

Step 3: Staple on this side

Omslag



Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Step 4: Cut on the solid line after you have stapled your book

Step 1: Fold on the dotted line

5

Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 4.

Teken hier 'n prentjie.

4

Skryf die middel van jou storie hier.



Teken hier 'n prentjie.


Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.



Sluit jou storie af.

7

3


Skryf die middel van jou storie hier en op bladsy 4



Teken hier 'n prentjie.

6

Skryf neer wat aan die einde van jou storie gebeur.



Teken hier 'n prentjie.

# CERTIFICATE

## for completing Book 2

## of First Additional Language Grade 6.

## Awarded to

________________________________________

Jou naam

Datum _______________

Teacher's name _______________________

# Dictionary

A a

G g

B b

H h

C c

I i

D d

J j

E e

K k

F f

L l

M m

S s

N n

T t

O o

U u

P p

V v

Q q


W w


R r

X - Z x - z


## Make an Advent Calendar

Cut out all the parts of the Advent Calender.







Slide the two pieces into one another and lock them into place with the circles.





Cut out the "doors" on the solid lines and fold on the dotted lines. Stick the doors onto the tree to cover the corresponding number.




### Christmas Cards

Cut out the christmas cards on the dotted lines.



GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE

GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE

GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE

GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE

GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE



To: ______________________

**Merry Christmas**

From: ______________________



To: ______________________

**Merry Christmas**

From: ______________________


LOVE
Woow!
For Me?
chocolate
Happy Valentine's Day
Sigh!
I U
Cool!
Hugs & Kisses





Mamma
Moeders
Moeder
Liefde
Drukkie
MOM
Happy Mother's Day!
You are the Coolest!
Ma
Dag


Get Well
Soon!


LOVE


Happy
Birthday


Mommy
Mother
Love
Hug
Mom
Day



